DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 6 AUGUSTUS 2025

IN DIE AUGUSTUS 2025 UITGAWE

1 | Oordenking: Gaan oop oë deur die lewe
Dr. Jan Botha

2 | Woord deur die Voorsitter: Afrikanerbelange in die kollig
Dries Wiese

3 | Diversiteit - 'n Wonderlike kompleksheid
Dr. Bertus de Villiers

6 | Afrikaners in Washington
Dr. Corné Mulder

7 | Pragmatisme en 'n nuwe buitelandse beleid
Jan Bosman

10 | Daar is nie 'n plan nie...
Onderhoud met prof. Jannie Rossouw

11 | Werkgewers word in 'n onhoudbare situasie geplaas
Ope brief van NEASA

12 | SEB vernietig ons ekonomie
Theuns du Buisson

13 | 'n Nuwe roeping
Jacques Swanepoel

14 | Korporatiewe SA en die verdediging van die Onteieningswet
Makone Maja

16 | Nasionale Dialoog
AB Perspektiewe

17 | Uitnodiging
GRA-150 Taalsimposium

18 | Uitnodiging
Eiendomsreg konferensie

19 | Nuwe boeke

19 | Nominasies vir 2025 Kokers
Afrikaanse Taalraad

Die Eike
kommentaar@die-eike.co.za

## OORDENKING: GAAN OOP OË DEUR DIE LEWE EN BEVESTIG HOOP

***Deur dr. Jan Botha***

Elke dag is 'n spesiale biddag vir die, ons kosmos en ekologie. Dit is eintlik so ironies.

Dis is juis daarom 'n Kairos tyd, 'n tyd van waarheid om tot ons sinne te kom. Ons het altyd 'n "volmaak-rol" vervul in plaas van 'n "heelmaak-rol". Vul die aarde en heers daaroor…

Ons aarde is stukkend. Ons, wat vir die omgewing as God se skepping, moet omgee, is nou gedwing om ons hande vuil te maak sodat ons aarde 'n blaaskans kan kry.

Die mens is volgens wetenskaplikes verantwoordelik vir 75% van die gebeure wat ons so maklik klimaatsverandering noem. Ons is die primêre oorsaak daarvan. Ons kan gerieflik op aarde voortbestaan teen 'n gemiddelde temperatuur van 18 grade Celsius. Die aarde se temperatuur styg egter drasties en kan binne dekades 1-6 grade Celsius hoër wees. Ons aarde is nie in staat om dit te hanteer nie. Ons as mensdom nog minder.



Die spoed van klimaatsverandering is vinniger as wat ons verwag het en die impak daarvan is groter as wat ons dink. Ons verbruikerskultuur en vinnige lewenstyl verleen ekstra spoed en momentum daaraan.

Daarom ons tema: Gaan oop oë deur die lewe en bevestig jou hoop!
Die Psalmdigter bevestig dit as hy sê: "Mag mense die Here altyd bewonder! Mag die Here alles wat hy gemaak het, geniet!"

'n Aardesorgbediening en 'n herfokus op die ganse skepping, is dus van kardinale belang.
Amos, die veespekulant, veeboer van die Ou Testament praat al 8 eeue gelede oor die wanverhoudinge asook die miskenning van die ekologie en geskapenheid. Hy het heelwat rondgereis in sy tyd as profeet, van die omgewing van die tempel in Samaria tot in die afgeleë platteland asook die dorre woestyngebiede.

Hy het oop oë deur die lewe gegaan. Sy werk was sy passie! Sy volk het aan hulleself gedink.

Hulle was so selfgesentreerd, gefokus op hul eiebelang. Hy moes hulle gereeld daaraan herinner aan wie God is.

Hy sê dan ook weer eens vir hulle dat hulle ontslae moet raak van hulle eie eer en selfgesentreerdheid en dat hulle rondom hulle moet kyk. Dink na oor wat julle sien!

Hy gee vir die volk en so ook vir ons vandag tydens die angs, onsekerheid en twyfel, weer hoop. Hy verskaf net weer 'n duidelike blik, uitsig en fokus op die getroue en grote God.

Hy sê in Amos 4:13 - "Jy moet besef: Hy wat berge vorm en die wind skep, Hy wat sy gedagtes aan die mens bekend maak, Hy wat die dagbreek donker maak, Hy wat oor die hoogtes van die aarde gaan, sy Naam is Here, almagtige God!" Dié almagtige God bevestig dat jy oop oë deur die lewe moet gaan. As jy fyn luister en dit doen, dan word jou hoop bevestig deur Sy liefde en trou! My/ons geaardheid word dade as daar weer

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Gaan oop oë deur die lewe en bevestig hoop (verv)

passie is in die alledaagse omgang met ons Vader se wonderlike skepping.

Amos sing oor sy eie ge-aardheid as hy sê in Amos 5:8 - "Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is, Hy wat die donker in oggendlig verander en die dag donker nag laat word, Hy wat die water van die see roep en dit oor die aarde uitstort, sy Naam is die Here". Die grote God gee vir klein mensies in sy groot skepping om. Omdat Hy vir hulle soveel omgee moet hulle weer vir die ander klein mensies asook vir sy skepping omgee.

Indien nie, amputeer ons onsself van sy geskape kosmos. Dan gaan die "nuwe normaal" met al die daaglikse uitdagings vir ons geen hoop bied en inhou nie. Psalm 104 handel oor God en sy kosmos. God wil juis geloof word vir die bewoonbare en leefbare ruimte wat Hy in sy skepping aan ons bied. Ons as sy medewerkers en alles wat leef bring aan Hom die eer! Daarom ons tema: Gaan oop oë deur die lewe en bevestig jou hoop!

Ons kan maar net saam bid: "Here red U mooi aarde. Doen dit dringend, asseblief! Help my en vir elkeen van ons om 'n bydrae te lewer tot die bewaring en instandhouding van U skepping as 'n erkenning van U heerskappy oor alles"! Maak asseblief my oë weer oop om U in die Skepping raak te sien, en dankie dat U my hoop ook weer bevestig vandag.

** Dr Jan Botha is 'n predikant by die Florauna NG Gemeente. Pretoria.*

---

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: AFRIKANERBELANGE IN DIE KOLLIG

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Dit bly altyd vir my 'n voorreg om aan die einde van elke maand enkele sake uit te lig wat aktueel is vir Afrikaners en dan ook enkele perspektiewe daaroor te gee. Aangesien die Afrikanerbond 'n Afrikaner-belange organisasie is bly dit belangrik om die saak van Afrikaners op staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en kulturele vlakke te bevorder.

***In die lig hiervan moet dit ook pertinent gestel word dat die verhardende verhouding tussen die VSA en Suid-Afrika, tesame met die ANC se tanende mag en die omstrede Nasionale Dialoog, 'n komplekse landskap vir Afrikaners skep.***

***Afrikanerbelange in die Kollig: Aktuele Sake, Internasionale Betrekkinge, en die Nasionale Dialoog***

Afrikaners in Suid-Afrika is deel van 'n groter gemeenskap en staar ons 'n hele reeks uitdagings in die gesig wat ons kulturele, ekonomiese, en politieke belange raak. Van plaasaanvalle tot rasgebaseerde wetgewing en die behoud van Afrikaans. Dit is wonderlik dat hierdie kwessies al hoe meer internasionaal erken word, veral in die Verenigde State. Ons kan net ons dank oordra aan organisasies en instellings wat werk maak daarvan om aktief Afrikaners se saak in die buiteland te bevorder.

In die lig hiervan moet dit ook pertinent gestel word dat die verhardende verhouding tussen die VSA en Suid-Afrika, tesame met die ANC se tanende mag en die omstrede Nasionale Dialoog, 'n komplekse landskap vir Afrikaners skep.

Afrikaners is toenemend bekommerd oor beleid en gebeure wat hul plek in Suid-Afrika bedreig. Rasgebaseerde wetgewing, soos Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) en die Onteieningswet, word deur verskeie organisasies as diskriminerend beskou. Hierdie wette beperk ekonomiese geleenthede vir Afrikaners en skrik buitelandse investering af, veral vanuit die VSA, waar rassediskriminasie in besighede verwerp word. Ons het telkens gewaarsku dat sulke beleid die land se ekonomie ondermyn en minderheidsgroepe marginaliseer.

Plaasaanvalle en -moorde bly 'n kritieke bekommernis. Hierdie geweld, wat dikwels ook Afrikanerboere en families raak het internasionale aandag getrek. Almal van ons ken families wat al slagoffers was en verstaan die trauma. Die voortdurende bedreiging vir veiligheid dwing Afrikaners om hul posisie te herevalueer, met sommige wat emigrasie oorweeg. Daarom moet ons voortdurend die aandag op die saak vestig want daar moet oplossings kom.

Onteiening sonder vergoeding in teenstelling met eiendomsreg is die ander kwessie wat op die Afrikanerbond se sakelys is. Daarom fasiliteer ons die Eiendomsreg konferensie op 9 September 2025 wat onder die vaandel van die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van eiendomsreg gehou word. Meer inligting in die nuusbrief.

Hierdie jaar is die Afrikaans Amptelik-100 vieringe. Die Afrikanerbond in verskillende provinsies het reeds verskeie projekte aangebied en nog word beplan. Hierdie jaar is ook 150- Genootskap van regte Afrikaners viering. Op 14 Augustus 1875 is 'n vergadering in Paarl gehou wat 'n wending in ons geskiedenis sou bring. Die taalbeweging wat hieruit gespruit het gelei tot die Bybel in Afrikaans en het Afrikaans mettertyd sy regmatige plak in die media, akademie, die politiek en vele ander terreine ingeneem. Ons bring graag hulde aan die Stigterslede van die GRA op 14 Augustus 1875. Die stigterslede was: CP Hoogenhout, DF du Toit (Oom Lokomotief), SJ du Toit, A Ahrbeck, SG du Toit, G Malherbe, DF du Toit (Dokter) en PJ Malherbe. Die FAK en die Voortrekkermonument het 'n klomp aktiwiteite wat sal plaasvind. Die Afrikanerbond is trots om deel te wees van die fees en het die verantwoordelik-

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Afrikanerbelange in die kollig (verv)

heid aanvaar om saam met die FAK die ***GRA150 – Taalsimposium*** te reël, wat sal plaasvind op Donderdag 14 Augustus 2025 in die Krugergalery by die Voortrekkermonument. Meer inligting hieroor in die nuusbrief. Ook dit is deel van ons verantwoordelikheid om saam met andere om te sien na die behoud van Afrikaans en die Afrikaner-kultuur wat ’n sentrale kwessie is wat taal- en kulturele regte aanbetref.

***Die Nasionale Dialoog: Deelname of Boikot?*** Die Nasionale Dialoog wat op 15 Augustus (ten tyde van die skryf van die woord) sal afskop met ’n nasionale konvensie het ten doel om Suid-Afrikaners te verenig om oplossings vir nasionale uitdagings te vind. Dit word voorgehou as ’n inklusiewe proses maar kritici, insluitend Afrikaner-organisasies, twyfel aan die opregtheid en doeltreffendheid daarvan. Sommige sien die dialoog as ’n geleentheid om minderheidsbelange te bevorder.

Kritici van die Nasionale Dialoog argumenteer dat die ANC die proses gebruik om politieke mag te behou eerder as om werklike oplossings te vind. Hierdie wantroue weerspieël ’n breër sentiment onder sommige Afrikaners dat die dialoog hul belange sal ignoreer, veral gegewe die ANC se geskiedenis van minderheidsmarginalisering. Sommige kritici vrees ook dat die dialoog ’n vooraf bepaalde “sosiale kontrak” sal afdwing wat geen ruimte laat vir Afrikanerbelange nie.

Na ons mening sal die dialoog se impak op Afrikaners afhang van die proses se inklusiwiteit. Sonder duidelike strukture en opregte verbintenis tot minderheidsregte, kan dit ’n verspeelde kans word om verdeling te oorbrug. Die Afrikanerbond het die kwessie ook intens in ons eie bestuurstrukture bespreek met al die voor en nadele, al die gevare en ook die moontlikhede. Die Nasionale Dialoog bied ’n potensiële platform om Afrikanerbelange te bevorder, maar die ANC se tanende mag en polariserende beleid maak deelname riskant. Ons wys in ’n afsonderlike artikel op die kwessies wat oorweeg is. Ons het ook ons deelname voorwaardelik gemaak en was in gesprekke met onder andere mnr Roelf Meyer wat die medevoorsitter is van die Raad van Vooraanstaande Persone. Ons kommer en voorbehoud is op die wyse ook deeglik geregistreer.

Ons het al telkemale daarop gewys dat ’n opregte verbintenis tot minderheidsregte noodsaaklik is om Suid-Afrika se diversiteit te bewaar. Sonder hervormings in ANC-beleid en ’n inklusiewe benadering tot nasionale prosesse, sal Afrikaners se posisie in Suid-Afrika toenemend kwesbaar bly. Die Afrikanerbond het reeds in 2019 ’n formele meganisme, soos ’n minderheidsombudsman, voorgestel om kulturele en taalgemeenskappe te beskerm. Niks het hiervan gekom nie. Ons het ook al ons kommer uitgespreek oor instellings soos die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en die Kommissie vir die Bevordering van Taal-Kultuur en Geloofsregte. Die voorafgaande wys duidelik dat die ANC hom nie steur aan minderheidsbelange nie en eerder aktief meedoen daaraan om minderheidsbelange verder te ondermyn.

Die saak is ook onlangs by die Afrikaner LeierskapNetwerk bespreek en ook hier is daar gemengde gevoelens oor die Nasionale Dialoog. Ons besluit sal in die finale instansie berus op die sakelys, die meganisme om uitkomste te verseker en die koste en struktuure. Veral sal ons waak teen politieke oorname deur die ANC. Soos ’n vorige voorsitter, prof Pieter de Lange, dit altyd uitgedruk het – die grootste risiko is om nie risiko’s te neem nie. Is deelname of nie-deelname ’n groter risiko vir minderheidsbelange? Die tyd sal leer.

Dit is Afrikaners wat deurentyd hul hand uitsteek en sê hoe kan ons die land maak werk en hoe kan ons dit wat elke Suid-Afrikaner nastreef verwesenlik. Dit is Afrikaners wat elke keer die hand opsteek en sê ons het kapasiteit in ons kundigheid en vermoëns en daarmee sê ons: “Kom ons bou saam.”

***Die ANC steur hom nie aan minderheidsbelange nie en sal eerder aktief daaraan meedoen om minderheidsbelange verder te ondermyn.***

Afrikanerbelange vorm ’n integrale deel van Suid-Afrika se breër belang en kry toenemend aandag op nasionale en internasionale platforms. Dit is noodsaaklik dat ons ons saak konsekwent bly stel, met verskeie organisasies wat op uiteenlopende vlakke optree. Alhoewel daar nie altyd eenstemmigheid is nie, erken ons dat gebrek aan samewerking en die bevordering van Afrikanerbelange tot nadeel van die gemeenskap kan lei. Die Afrikanerbond posisioneer homself daarom as ’n organisasie wat nie net die Afrikaner se plek in Suid-Afrika probeer versterk nie, maar dit op so ’n wyse doen wat die land as geheel bevoordeel. Hierdie balans tussen eie en nasionale belange is die goue draad wat die Afrikanerbond nastreef: selfstandig, maar in harmonie met ander.
Saam staan ons sterker. ❖

---

## DIVERSITEIT - ’n WONDERLIKE KOMPLEKSHEID

***Deur Dr. Bertus de Villiers***

**Inleiding**

Die Grondwet is 30 jaar oud in 2026. Dit is geen geringe prestasie nie. Talle lande wat saam met Suid-Afrika ‘n nuwe grondwet gekry het, is vasgevang in burgeroorloë en onstabiliteit. Demokratisering is nie eenvoudig nie. Demokrasie is ook nie ‘n eindpunt nie. Dit is ‘n proses. Kyk maar hoe vêr-regse geweld in Europa toeneem; hoe die Kongres in Amerika gestorm word; en hoe Australië nie kan instem vir ‘n *advies* rol vir inheemse groepe nie. (Dit is dieselfde land wat nog onlangs voor in die koor teen Suid-Afrika gesing het.) Geen land kan sê ‘ons het gearriveer’ in terme van demokrasie nie. Dit is ‘n ewigdurende stewe. Maar op

*(Vervolg op p4)*

## Diversiteit - 'n Wonderlike kompleksheid (verv)

die positiewe kant, wie sou 30 jaar terug kon voorspel dat Suid-Afrika een na die ander geweldlose verkiesing sal hou? Beslis nie ek nie. Dit is 'n mini-wonderwerk.

**Diversiteit en die Grondwet**

Een van die groot temas, dalk *die* grootse tema, wat die grondwetlike proses beïnvloed het was die vraag hoe om die bevolkingsverskeidenheid van Suid Afrika grondwetlik te hanteer. Geeneen het die antwoord gehad nie. Wat mense ook al vandag van die Grondwet dink, daar was hard gewerk om 'n balans te vind. Dit was en bly 'n jammerte dat Afrikaner leiers vanweë hul onderlinge verskille nie 'n eenvormige posisie kon inneem nie. Dit het die Afrikaner se rol in die onderhandelinge baie verswak. Dit help nie om nou daaroor te huil nie.

Dit help ook nie om nou die skuld op iemand te probeer plaas nie. Ego is aan die voete van almal. Maar introspeksie kan wel help om te waarsku dat Afrikanerleiers nie weer moet toelaat dat hul onderlinge verskille die totale Afrikaanse gemeenskap se posisie benadeel nie. Daar is 'n tyd om te verskil en 'n tyd om saam te staan. Dit is waarskynlik nou selfs meer belangrik as in 1993 om 'n gesamentlike posisie te kan inneem oor die toekoms van die Afrikaanse taal en kultuur.




Die howe het 'n deurslaggewende rol gespeel in die afgelope 30 jaar om inhoud te gee aan die grondwetlike doelwit om die reënboog-aard van die bevolking te erken. Die howe kry dit nie altyd reg nie. Maar geen hof is altyd reg nie. Howe word bedien deur mense. En mense maak foute. Hulle bring vooroordele na die hof. Hul het onsigbare brille van hul eie ervaringe. Maar, in die algemeen het die howe, in vergelyking met ander 30-jarige-oue grondwette, goed gedoen.

'n Reuse uitdaging vir howe internasionaal is hoe om te reageer op die eise van minderhede dat hul regte, kultuur, taal, godsdiens, en gebruike, beter erken en beskerm moet word. Dit is asof daar 'n tweestryd is tussen nasionale eenvormigheid en interne diversiteit. Te veel eenvormigheid - dan voel minderhede bedreig. Te veel diversiteit - dan word die land se eenheid bedreig want die klem val dan op 'anders wees' eerder as 'saam wees'. Tonne bladsye word jaarliks gepubliseer wat handel oor maniere om beter erkenning aan minderhede te gee in demokrasieë wat altyd as voorbeeld vir Suid-Afrika voorgehou is.

Bykans elke konflikpunt in die wêreld het onderliggend een of ander grief van 'n minderheid. Suid-Afrika is aan die een kant 'n rigtinggewer (ondanks foute), maar aan die ander kant is daar ook lesse te neem van ander lande. Dit is dus nie verrassend nie dat die VN in talle vredespogings, gereeld probeer om beter om te sien na die regte van minderhede.

Daar is 'n paar temas wat in die afgelope 30 jaar vanuit ons howe gekom het. Ek wil graag op 'n paar fokus:

**Regspluralisme: eenheid en verskeidenheid**

Daar is twee opponerende kragte aan die werk ten opsigte van minderheidsregte. Aan die een kant probeer die internasionale gemeenskap om internasionale norme wat standaard is neer te lê, byvoorbeeld gelykheidsregte en vryhede van spraak, assosiasie, geloof, en so aan.

Hierdie faset beklemtoon internasionale eenheid asook nasionale eenheid en eenvormigheid. Daar is dus een stel reëls vir almal. Aan die ander kant dring minderheidsgroepe aan op spesiale erkenning van hul unieke taal, kultuur en gebruike. Dit bring regsverskeidenheid mee. Die voordeel daarvan is dat mense vry kan voel in hul eie identiteit, maar die nadeel is dat sulke minderheidgebruike teenstrydig kan wees met nasionale norme.

Neem bv tradisionele inisiasies: jaarliks sterf talle jong mans weens inisiasies. Indien sulke sterftes in 'n sport sou voorkom sal daar staatsingrype en vervolgings wees, maar omdat dit onder die vaandel van 'tradisie' plaasvind, word niemand vervolg nie. Oorbeklemtoning van eenvormigheid veroorsaak dat die reënboognasie sy kleure inboet, maar oorbeklemtoning van verskeidenheid veroorsaak dat een strepie gesien word as belangriker as die totaliteit van die reënboog.

**Individuele regte teenoor groepsregte**

Die grootse geskilpunt in die onderhandelinge was of daar groepsregte aan minderhede gegee kan word. Die rede is dat 'n groep nie 'n regsbegrip is nie. 'n Groep is 'n sosiale verskynsel. Mens kan assosieer met 'n klomp mense wat hulself 'n groep noem, maar die groep self is nie 'n 'ding' nie. Om 'n groep te definieer is onmoontlik. 'n Groep kan beskryf word. Maar definieer? Nee. Neem maar 'n definisie van Afrikaner: wat is die rol van ras en geloof in die definisie? Moet 'n persoon wit blank wees, en indien wel, wat is wit blank? Moet 'n persoon 'n Christen wees, en indien wel hoe bewys mens dit? Moet 'n persoon Afrikaans wees, maar hoe toets mens dit? Selfs al kan mens daardie vrae beantwoord, wie sal in die posisie wees om te besluit of iemand 'kwalifiseer' om deel te wees van die Afrikaanse groep. Om 'n groep te definieer in regsterme is 'n eindelose maalstroom na nêrens.

**Maar**, individue definieer hulself tog in terme van groepsbewustheid. Mense word doodgemaak vanweë hul groepsassosiasie. Mense het minder regte vanweë hul groepsassosiasie. Mense kry nie werk nie vanweë hul groepsassosiasie. Groep is dus nie irrelevant nie. Maar wat maak mens daarmee?

*(Vervolg op p5)*

## Diversiteit - 'n Wonderlike kompleksheid (verv)

**Spraakvryheid en haatspraak**

*Die* mees ooglopende en verdelende tema vir Suid-Afrika is die howe se regverdiging van *Kill the Boer* as vryheid van spraak, maar 'n verbod op die Republiek-vlag as haatspraak. Hierdie is egter nie 'n debat wat uniek is aan Suid-Afrika nie. Hofverslae word jaarliks gevul met mense wat haatlike dinge sê van mekaar, maar dit is nie noodwendig haatspraak nie. Neem byvoorbeeld die uitdrukking: '*from the river to the sea*'. Palestyne gebruik dit om te sê die land in daardie gebied moet weer hul eiendom word, terwyl kritici se die slagspreuk is haatspraak en verkondig volksmoord teenoor Jode. Die een se strewe is die ander se haatspraak. Dit is egter moeilik begrypbaar hoe die howe in die Ou Vlag-saak sensitief kan wees teenoor die gevoel van swartmense as hul die Vlag sien, maar in die Kill the Boer saak sê die howe die sensitiwiteit van swart mense weeg swaarder as die van wittes blankes/boere.

Die internasionale norm vir haatspraak is dat indien *enige* van die betekenisse van 'n uitdrukking as haatspraak gesien kan word, dan moet dit as haatspraak bevind word. Ek dink mens kan 'n goeie argument maak dat die howe hierdie een verkeerd gekry het.

**Ubuntu – uniek, maar wollerig?**

Die Suid-Afrikaanse regbank is uniek in die wêreld om 'n kultuurbegrip te verhef tot 'n regsbegrip wat toepassing vind in vele fasette van die reg. Ubuntu verteenwoordig, soos die Springbokke, die hele land. Dit is ongekend dat 'n kultuurbegrip so wyd deur howe aangewend word. En dit nadat die woord Ubuntu nie eens in die Grondwet vervat is nie. Maar daar is ook 'n skerpkant aan Ubuntu. Dit is nie altyd seker wanneer Ubuntu van toepassing is nie. Soms lyk dit of regters agter Ubuntu skuil om 'n sekere uitspraak te regverdig. Dan word Ubuntu net 'n ander vorm van minderheidsdominasie. Neem bv die Kill the Boer geskille: 'n regter berus in een geval op Ubuntu om te bevind dat ou vyande nie meer vyande is nie en dus is die lied haatspraak. Maar dan bevind die senior regbank dat Kill the Boer nie haatspraak is nie, maar die regters verwys geensins in hul beredenering na Ubuntu nie. Die vraag is dus, wanneer word na Ubuntu verwys, of is dit net lukraak?

**Geloofsregte en eenheidsregte**

Een van die moeilikste terreine om 'n balans te tref tussen eenheidsregte en verskeidenheidsregte is op die gebied van geloof. Geloofsreëls het hul oorsprong van 'n goddelikheid wat gehoorsaamheid vereis. Eenheidsregte se oorsprong is 'n menslike grondwet wat ook gehoorsaamheid vereis. As die twee in konflik kom, watter reg geld? Europa sukkel om 'n balans te vind tussen eenheidsregte en Islamitiese geloofsregte.

In Suid-Afrika gaan Moslemvrouens steeds gebukkend onder ongelyke behandeling in die huwelik. In inheemse groepe is vrouens gereeld ondergeskik in hul regstatus. Hoe moet die howe hierop reageer? Moet howe verdraagsaam wees en sulke verskeidenheid toelaat, of moet howe streng eenvormigheid vereis? Die duiwel skuil in albei benaderings.

**Moedertaalonderrig: 'n leë reg vir hul wat arm is**

Laat ek met slegte nuus begin: daar is *geen* internasionale reg tot staatsgefinansierde moedertaalonderrig nie. Dit sal ekonomies onhaalbaar en prakties onuitvoerbaar wees om aan elke taalgroep 'n waarborg te gee van staatsbetaalde onderrig. Maar die goeie nuus is: dit word internasionaal erken dat kinders, veral in laerskool, die beste leer in hul moedertaal. Die realiteit van beperkte fondse teenoor die realiteit van beste leer-taal bots.

Die enigste praktiese uitweg is dat privaat-gefinansierde moedetaalonderrig beskerm word. Maar dit beteken rykes se kinders kry onderrig in hul taal, maar nie armes nie. Die SA howe is onsimpatiek oor die belang van moedertaalonderrig vir kinders. Die howe kan gerus leer by hul eweknieë in Indië, waar talle hofuitsprake die reg van moedertaalonderrig erken.

Dalk is 'n nuwe benadering nodig in Suid-Afrika: in stede van onophoudelike hofsake en dispute, kom ooreen dat die regering jaarliks 'n bedrag afstaan vir privaat moedertaalonderrig. Dan kan staatskole hul eie ding doen, terwyl taalgroepe hul regte effektief kan uitleef.

**Waar staan ons na 30 jaar?**

Die howe het in die afgelope 30 jaar baie geleer van internasionale regspraak, maar ook baie bygedra tot internasionale regspraak. Op party terreine het die howe kleigetrap, maar op ander terreine was hul rigtinggewend. Aan die einde van die dag is howe se rol beperk.

***Die SA howe is onsimpatiek oor die belang van moedertaalonderrig vir kinders. Die howe kan gerus leer by hul eweknieë in Indië, waar talle hofuitsprake die reg van moedertaalonderrig erken.***

Die laaste hoofstuk oor minderheidsregte in Suid-Afrika is nog nie geskryf nie. Vanuit 'n Afrikaanse oogpunt sal baie afhang of 'n inklusiewe benadering gevolg kan word. Andersins sal daar weer eens oor 30 jaar gesê word dat die Afrikaners van 2025 ongelukkig nie met mekaar kon saamwerk nie.

- Indien hierdie temas interessant is, kyk gerus na my oorsig van 30 jaar se hofuitsprake plaaslik en internasionaal op die gebied van minderheidsregte. B De Villiers *The South African Bill of Rights and Pluralism: A Comparative Perspective of Judicial Responses to Diversity* (Juta: 2025)

- Lede en afdelings word genooi om op die artikel en die inhoud daarvan kommentaar te lewer. Ons ontvang graag bydraes by
kommentaar@die-eike.co.za ❖

# AFRIKANERS IN WASHINGTON

***Deur Dr. Corné Mulder***
***Leier van die Vryheidsfront Plus***

***- Op 24 Julie 2025 het die Afrikaner LeierskapNetwerk in Pretoria ontmoet. Onder andere is die Nasionale Dialoog bespreek en het dr. Corné Mulder 'n verslag gelewer oor die besoek aan Washington. Die Eike redaksie het dr Mulder versoek om sy terugvoer as 'n artikel te omskryf en plaas ons graag sy indrukke. -***

Die jaar 2025 mag moontlik in die toekoms bekend word as die jaar waartydens die Afrikaner weer nie net in eie reg die wêreldverhoog betree het nie, maar ook die jaar waartydens die ANC se finale verbrokkeling verseker is.

Op Maandag 3 Februarie 2025 waarsku President Trump Suid-Afrika dat die VSA- stappe teen SA sal neem na aanleiding van President Ramaphosa se ondertekening van die Onteieningswet. Drie dae later tydens die opening van die Parlement reageer President Ramaphosa daarop deur die teerling te werp en sê hy aan President Trump - *"SA will not be bullied and will stand up for its national interests and sovereignty."*

Toe Suid-Afrika die oggend van Saterdag 8 Februarie 2025 wakker word, verneem ons dat President Trump Vrydagaand 7 Februarie VSA tyd 'n uitvoerende bevel met ingrypende bepalings waarin erkenning gegee word aan die "etniese minderheid Afrikaners" in Suid-Afrika uitgereik het. Vir die eerste keer in baie jare is daar spesifiek na die Afrikaner in 'n positiewe sin verwys. Die uitvoerende bevel het verder met die staking van VSA-hulp aan Suid-Afrika, asook met die bekommernis oor SA se buitelandse optredes gehandel.

Op 24 April 2025 bring President Zelensky van Oekraïne, 'n besoek aan President Ramaphosa in Pretoria. Op Donderdag 8 Mei vind daar in Pretoria 'n vergadering tussen President Ramaphosa en die leiers van al die partye in die Regering van Nasionale Eenheid plaas. President Ramaphosa deel ons mee dat hy kort vantevore met die besoek van President Zelensky, President Trump geskakel het. Hy wou hom van President Zelensky se besoek inlig en ook aan hom verduidelik dat al die negatiewe berigte oor SA nie waar is nie - dat alles eintlik in orde is. President Trump se reaksie hierop was - moenie met my telefonies daaroor praat nie. Kom na die Withuis en bring jou gholfvriende saam.

Dit is hoe die besoek na die Withuis beslag gekry het. My mening was al toe dat die besoek voortydig is en dat die besoek 'n risiko geloop het om 'n diplomatieke katastrofe te wees. Op daardie stadium was die verhouding tussen die VSA en SA alreeds so sleg dat 'n mens op 'n baie laer vlak van amptenare sou moes begin om te poog om dinge te normaliseer. Jy begin nie onmiddellik met staatshoofde nie.

Op 19 Mei 2025 het ek aan President Trump geskryf en vier punte onder sy aandag gebring.

Eerstens - dankie dat hy bemoeienis met die Afrikaner en Suid-Afrika gemaak het.
Tweedens - dat hy ingelig gaan word dat alles in Suid-Afrika wel is, maar dat dit nie waar is nie.
Derdens - dat die Afrikaner waarskynlik op die agenda sal wees, maar dat dit dan goed sal wees indien Afrikaners teenwoordig sal wees om self oor hulle situasie te praat, en
Vierdens - 'n Versoek aan President Trump om soos wat hy tussen Israel en verskeie Arabiese lande in 2020 met die Abraham Akkoorde bemiddel het, hy moet oorweeg om dieselfde in Suid-Afrika te kom doen. Ons kort ons eie "Abraham Akkoord".

Die gesprek in die kantoor van President Trump het op 21 Mei 2025 plaasgevind. Die gebeure in die "Oval Office" is nou wêreldwyd bekend en elkeen sal seker sy of haar eie mening oor die sukses daarvan, al dan nie, hê. Later tydens ons besoek aan Washington D.C. het ons niemand gekry wat gedink het dat dit 'n sukses was nie.

Kort hierna is ek vanuit Washington D.C. genader om met 'n afvaardiging na die VSA te kom om 'n Afrikanerperspektief oor wat aangaan en wat gedoen behoort te word, te kom gee. Die afvaardiging is vanuit Washington D.C. saamgestel as 'n afvaardiging van Afrikanerleiers, bestaande uit myself as leier van die VF Plus, dr. Theo de Jager van SAAI en Gerhard Papenfus van NEASA. Op geen stadium het ons probeer voorgee dat ons alle Afrikaners of alle Afrikanerorganisasies verteenwoordig nie. Wat wel belangrik is, is die feit dat ons orals spontaan en entoesiasties as Afrikanerleiers ontvang en met absolute respek behandel is.

***Op geen stadium het ons probeer voorgee dat ons alle Afrikaners of alle Afrikanerorganisasies verteenwoordig nie. Wat wel belangrik is, is die feit dat ons orals spontaan en entoesiasties as Afrikanerleiers ontvang en met absolute respek behandel is.***

Op 20 Junie 2025 het ons na Washington D.C Vertrek. Ons het 'n baie vol program met talle afsprake en verpligtinge gehad. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die persone wat vir ons afsprake in Washington D.C. gereël het, gesê het dat dit nog nooit vir hulle so maklik was om toegang te kry om afsprake te reël nie.

So het ons besoek gebring aan die Withuis, die Senaat, die Huis van Verteenwoordigers, die Departement van Buitelandse Sake "State Department". Elkeen van hierdie instellings het hul eie afdelings wat op Afrika fokus en telkens kon ons met senior mense skakel. Ek sal kortliks na net twee afsprake verwys.
Eerstens die Withuis. Na 'n lang en omvattende gesprek is ons van hulle kant meegedeel dat hulle die volgende aan ons wil oordra. So is die vier nou welbekende punte wat vir die Trump Administrasie as "non-

*(Vervolg op p7)*

## Afrikaners in Washington (verv)

tariff trade barriers" vasstaan, met ons gedeel. Ons is versoek om dit aan SA oor te dra. Hulle het dit reeds gedoen, maar die ANC en DIRCO maak of hulle dit nie hoor nie.

- Verklaring van landelike misdaad wat moord op boere en hulle werkers insluit as prioriteitsmisdade
- Veroordeling van "Kill the Boer, Kill the Farmer" in die openbaar deur die ANC
- Geen onteiening sonder vergoeding kan plaasvind sonder billike, markbepaalde vergoeding na 'n volledige regsproses nie, en
- Die vrystelling van alle VSA-entiteite en maatskappye van SA se rasgebaseerde wetgewing soos BEE en andere.

Ironies genoeg word daar nou na die inwerkingtreding van 30% tariewe op Suid-Afrika vir die eerste keer deur die ANC en DIRCO erken dat daar voorwaardes ten opsigte van BEE en ander sake is wat 'n handelsooreenkoms belemmer.



*Vlnr. Gerhard Papenfus, dr Corné Mulder en dr Theo de Jager*

Die tweede afspraak waarna ek wil verwys, was in die kantoor van Kongreslid Ronny Jackson van die 13de Distrik in Texas. Dr Katie Wallach, 'n senior wetgewende assistent in sy kantoor het ons volledig voorgelig oor die implikasies en proses met betrekking tot die nou bekende US-South Africa Bilateral Relations Review Act of 2025 (H.R.2633). Intussen het daardie wet reeds deur die derde stap van sy proses gegaan.

Ons het ook afsprake met vier invloedryke beleidsbeïnvloeding Institute gehad. Die Hudson Institute, America First Policy Institute, Conservative Partnership Institute en die Cato Institute. Ook het ook ontmoet met die twee landbouorganisasies wat alle boere in die VSA verteenwoordig - die American Farm Bureau Federation, asook die National Farmers Union. Daar is tans ongeveer 16 200 oorwegend jong Afrikaners wat op hierdie VSA-boere se plase boer en werk. Verder kon ons ook met invloedryke sakepersone in Washington ontmoet.

Die boodskap wat ons as afvaardiging van Afrikanerleiers aan die VSA gebring het, was 'n positiewe en konstruktiewe boodskap. Ons was nie daar om te skinder, of negatief te wees oor Suid-Afrika of sy mense nie. Ons boodskap was dat ons graag wil hê dat Suid-Afrika 'n wenland moet wees, maar dat dit ook dan die Afrikaner en ander minderhede as deel van die oplossing moet insluit.

Ons uitgangspunt binne die konteks van die voorafgaande maande se gebeure was dat daar in Suid-Afrika eerstens op regeringsvlak 'n leierskapsvakuum bestaan en tweedens dat ons 'n handelsvoorstel sal maak wat Suid-Afrika behoort te gemaak het. Ons voorstel, sowel as 'n voorstel tot die totstandkoming van 'n geopolitieke ooreenkoms tussen Suid-Afrika, Argentinië en die VSA wat die drie toegangspunte tot die Suid-Atlantiese oseaan beheer, is ook positief ervaar.

Van die VSA se kant was die boodskap net so duidelik. Die VSA wil baie graag normale verhoudinge met Suid-Afrika en sy mense hê. Die VSA is gereed om op groot skaal in Suid-Afrika te belê. Die groot struikelblok daartoe is die ANC se ideologies-gedrewe ekonomiese beleide wat op rasgronde diskrimineer, sowel as DIRCO en die ANC se buitelandse beleid wat Suid-Afrika 'n vriend van verskeie randfiguur lande maak waardeur die VSA se nasionale veiligheid bedreig word.

Ons moet dadelik voortbou op die positiewe gesindheid wat tans teenoor die Afrikaner en ons rol in Suid-Afrika en Afrika bestaan. Die saak van die Afrikaner moet verder geinternasionaliseer word. Dit sluit ook die vestiging van 'n Afrikanerkantoor in Washinton D.C. in. Die tyd is nou - laat Afrikaners saam dink, saam beplan en saam hierdie opwindende geleenthede ten volle benut. ❖

## HERBEDINK 'N PRAGMATIESE BUITELANDSE BELEID

**Deur Jan Bosman**
**Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

Tydens 'n konferensie van die FW De Klerk Stigting op 24 Julie 2025 te Boksburg is verskeie insette aangehoor rondom die tema hoe om 'n Inklusiewe ekonomie te bereik. Een van die sprekers was Prof William Gumede van die Wits School of Governance – In sy kritiek op die huidige bedeling het Prof Gumede enkele belangrike punte gemaak wat verdere aandag verdien. Hy het die belangrike punt gemaak dat Suid-Afrika se gebrekkige ekonomiese groei te wyte is aan die ideologiese benadering van die ANC regering en dat die

*(Vervolg op p8)*

## Herbedink 'n pragmatiese buitelandse beleid (verv)

beleid nie pragmaties genoeg is nie. Volgens hom het ANC beleid eerder ekonomiese groei ondermyn want ideologie maak denke en uitvoering rigied en dit beperk verbeelding.

Volgens Prof Gumede het die Regering van Nasionale Eenheid wat in Junie 2024 tot stand gekom het, die vermoë om die ideologiese krisis af te weer want dit bied nou 'n struktuur waarbinne daar nuut gedink kan word. Ekonomiese groei en demokratiese groei kan volgens Gumede nie beperk wees tot een groep, een kleur en een party nie en dit is wat ons vasgehou het. Een van die aspekte van die RNE, volgens prof. Gumede is die partye se vermoë om diversiteit na die tafel te bring wat grootliks afwesig was. Diverse denke in die RNE bring ook diversiteit in die ekonomie en demokrasie. Die vorige dekades is gerig deur ideologie wat denke, en gevolglik ekonomiese groei beperk het.



Prof Gumede het gevolglik voorgestel dat 'n RNE-regering hom moet laat lei na pragmatiese ideologie en pragmatiese ekonomiese groei. Die diversiteit van die RNE kan die regering dwing om vanuit verskillende kampe en partye saam te werk en pragmaties te wees in beleid en uitvoering. Pragmatisme het verskeie lande gerig na die Tweede Wêreldoorlog. Hier is veral verwys na Japan, Singapoer, selfs China en Indië – In sommige gevalle is beweeg vanaf bevrydingsbeweging na pragmatisme. Die toepassing van pragmatisme dwing mens om te kyk na wat werk, wat is prakties en in die belang van almal.

Daar is toe voorts verwys na Suid-Afrika en indien beleid en uitvoering meer pragmaties raak sal dit noodwendig die gevolg hê dat die regering self alle faktore verwyder wat anti-ekonomiese groei van aard is.

Eerstens is die klem op eiendomsreg. Prof Gumede het verwys na 'n verslag aan die kabinet wat hy in 2019 opgestel het en waarin verwys is drie gevallestudies in Afrika waar onteiening sonder vergoeding die ekonomie van die lande gekelder het en sukkel die lande vandag nog steeds. Die lande is Algerië, Tanzanië en Zimbabwe en daar is voldoende materiaal aanlyn wat die lande se probleme uitlig.

In Suid-Afrika weet die staat nie eers hoeveel grond hyself besit nie. As die grond wat die staat besit beskikbaar gestel word kan armoede verlig word. Prof Gumede het verder voorgestel dat eiendomsreg gegee moet word waar grond in kommunale besit is.

Die tweede aspek van anti-ekonomiese groei is die Nasionale Gesondheidsversekering – Daar moet eerder na oplossings gesoek word in vennootskappe tussen die privaatsektor en die openbare gesondheidsektor.

Derdens is Suid-Afrika se bemagtigingsprogramme verkeerd – Daar moet veel eerder gekyk word na alternatiewe vorme van bemagtiging wat insluit om klein ondernemings in die verkrygingsprosesse van die staat in te bring, Netso moet vaardigheidsopleiding beloon word en moet indiensneming beloon word. Huidige maatreëls straf en beperk eerder indiensneming.

Vierdens moet die mislukking van ons ekonomie volgens prof Gumede ook gesien word in die falende staat – Ons staatsdiens het lomp en oneffektief geword en doeltreffendheid het afgeneem. Een oplossing sou wees om ons staatdiens te professionaliseer en 'n goeie begin sal wees om staatsentiteite volledig te professionaliseer.

Bogenoemde kwessies wat prof Gumede uitgelig het moet van kennis geneem word. Dit is in die hande van die Regering van Nasionale Eenheid waar ideologie omgeskep kan word na pragmatisme.

'n Pragmatiese ideologie is 'n benadering waar besluite en oortuigings gebaseer is op wat prakties werk eerder as op rigiede beginsels of teoretiese dogma.
Die besoek van Afrikaner leiers aan die VSA het duidelik ook die boodskap gebring dat daar pragmaties gedink en gehandel moet word in die vier duidelike voorwaardes wat gestel is vir die herstel van bilaterale verhoudings met Suid-Afrika. (Sien die artikel van die Washington besoek)

In Pres Trump en VSA administrasie se hantering van handelstariewe is dit ook duidelik dat sommige van ons buurlande en baie ander Afrikalande se produkte en dienste anders en meer positief geëvalueer word. Dit is gerig deur pragmaties om te gaan met die VSA. Politieke pragmatisme en 'n bewustheid van die VSA se rol in hul eie ekonomieë het beslis 'n rol gespeel en het hulle die voordeel ontvang. In Suid-Afrika se geval het ideologie duidelik die verhouding met die VSA bepaal en betaal ons vandag die prys.

Die Regering van Nasionale Eenheid sal moet herbedink oor die prioriteite wat gestel is in die Verklaring van Voorneme. (Dit was Junie 2024) Die laaste van nege punte handel oor buitelandse beleid en lees soos volg:

> *"Baseer buitelandse beleid op menseregte; konstitusionalisme; die nasionale belang; solidariteit; en die vreedsame oplossing van konflikte, ter verwesenliking van die Afrika Agenda 2063; Suid-Suid-, Noord-Suid- en Afrika-samewerking; multilateralis-*

*(Vervolg op p9)*

## Herbedink 'n pragmatiese buitelandse beleid (verv)

*me; en 'n regverdige, vreedsame en billike wêreld."*

In Maart 2025 herbevestig die ANC sy buitelandse beleid in 'n mediaverklaring wat daarop dui dat buitelandse beleid meer van dieselfde is. *" As the governing party, the ANC views international relations as a strategic lever to advance the national democratic revolution, stimulate inclusive economic development, deepen solidarity with oppressed people, and build a better Africa and a better world.*

*"Our foreign policy is grounded in the pillars of Pan-Africanism, anti-imperialism, international solidarity, respect for international law and human rights, non-alignment, multilateralism, and the peaceful resolution of conflict. We reject neo-colonialism, unilateralism, and all forms of domination that undermine the sovereignty and dignity of all nations."*

*"These principles are operationalised through the ANC's five strategic pillars: building a better Africa and world; party-to-party and multilateral relations; transformation of global governance; policy development; and global solidarity campaigns."*

Volg die skakel

Die ANC en of president Ramaphosa kan nie die alleen mandaat hou oor buitelandse beleid nie. Die Regering van Nasionale Eenheid sal dringend sy buitelandse beleid moet herkalibreer om nie as anti-Westers beskou te word nie, veral gegewe die ekonomiese afhanklikheid van Westerse -markte vir handel en investering. Dit kan bereik word deur duidelike standpunte en optrede teen korrupsie en vir goeie regeringsbestuur, wat internasionale vertroue sal versterk. Dit sal beteken dat die ANC moet afsien van ideologie en saam met die RNE 'n pragmatiese benadering moet volg.

'n Herstel van internasionale vertroue en Ekonomiese Diplomasie sal opnuut moet fokus op die hervatting van handelsverhoudinge met die VSA. Dit is kritiek gegewe Suid-Afrika se ekonomiese uitdagings, insluitend hoë werkloosheid en 'n begrotingstekort. Die RNE moet daarom aktief werk om persepsies van beleidsonsekerheid, soos rondom die onteieningswet, te verminder deur duidelike, deursigtige kommunikasie oor eiendomsregte en hervormings.

Die VSA, se kritiek op Suid-Afrika se grondhervormingsbeleid sowel as diskriminerende wetgewing beklemtoon die noodsaaklikheid om diplomatieke verhoudings te versterk eerder as om konfrontasie aan te gaan. Die RNE moet 'n gebalanseerde benadering volg wat verseker dat beleid en die toepassing daarvan nie as diskriminerend en uitsluitend beskou word nie.

Internasionale verhoudinge en veral met die VSA kan nie herstel word as die ANC voortgaan om tradisionele bande met lande soos Rusland, Iran, Kuba en China te oorbeklemtoon nie. Die RNE moet 'n meer neutrale houding inneem om nie Wes-Oos-verhoudings te polariseer nie. Dit is belangrik om toegang tot diverse markte te behou en om nie ekonomiese geleenthede te beperk deur ideologiese alliansies uit die verlede nie

Dalk sou pragmatisme insluit om die gedagtes van Ludwig Erhard (Duitse Kanselier) na die 2WO weer te herbesoek. Erhard was die grondlegger vir die basis van 'n welvarende en vooruitstrewende gemeenskap gebaseer op 'n sosiale mark ekonomie (soziale Marktwirtschaft), Hy was verbonde aan die Christlich Union Deutchlands ook bekend as die Christian Democratic Union (CDU) – Baie van die beleidsrigtings ondersteun ons binne die Christen Demokrasie. Van die gedagtes van Ludwig Erhard is vandag net so geldig:

> ***'n Herstel van internasionale vertroue en Ekonomiese Diplomasie sal opnuut moet fokus op die hervatting van handelsverhoudinge met die VSA.***

- Vryheid en welvaart is onafskeidbaar; albei is die sleutelpilare van 'n voorspoedige samelewing.
- Die rol van die regering is nie om te beheer en te reguleer nie, maar om 'n omgewing te skep waar entrepreneurskap kan floreer.
- Die staat behoort 'n skeidsregter te wees, maar nooit 'n speler nie.
- 'n Vrye en mededingende ekonomie het die vermoë om individue uit armoede te verhef en lewensstandaarde te verhoog.
- Oormatige regulering beperk innovasie en belemmer ekonomiese groei.
- 'n Samelewing wat persoonlike verantwoordelikheid waardeer en inisiatief beloon, is bestem om suksesvol te wees.

Uitgediende Ideologieë bly 'n bedreiging vir Suid-Afrika. Die Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR) streef na 'n samelewing met demografiese verteenwoordiging in alle sektore deur versnelde regstellende aksie, B-BBEE en grondhervorming. Hierdie benadering ignoreer ekonomiese en politieke realiteite en ondermyn Suid-Afrika se ekonomie met 'n vernietigende ideologiese agenda. Suid-Afrika kan nie sulke ideologieë bekostig nie. Dit benodig eerder pragmatiese beleide, vry van ideologiese beperkings, wat op 'n sosiale ooreenkoms tussen alle sleutelpartye in die samelewing berus.

'n Sosiale akkoord sou dalk die begin gewees het maar dit is skynbaar nie in belang van die ANC nie want dit sou behels dat die ANC dringende ideologiese aanpassings moes maak. Die verskuiwing van die uitgediende ideologie na pragmatisme in Suid-Afrika vereis erkenning van ideologiese beperkings, markvriendelike hervormings, versterking van instellings, en inklusiewe dialoog. Dit kan slegs met die nodige politieke wil aangespreek word. ❖

# DAAR IS NIE 'N PLAN NIE...

***Op Woensdag 30 Julie het Jan Bosman met prof Jannie Rossouw, Ereprofessor aan Wits Besigheidskool en ekonoom van Altitude Wealth gesels.***

***Vraag: Almal praat deesdae Nasionale Dialoog. Wat maak ons van die Nasionale Dialoog?***

Ons het nie 'n nasionale dialoog nodig om te weet wat verkeerd is in Suid-Afrika nie. As ons ongeveer honderd mense bymekaar kry en wat die demografiese profiel van Suid-Afrika verteenwoordig, gaan almal vir jou dieselfde antwoorde gee vir ons probleme. Van ryk tot arm, enige ras, enige geslag sal vir ons sê ons het ekonomiese groei nodig sodat ons die werkloosheidsprobleem kan oplos. Terselfdertyd het ons dringend die toepassing van wet en orde nodig wat tot gevolge vir onwettige optrede. Dit sal orde in die land herstel. Ons almal wil graag hê dat Suid-Afrika 'n suksesvolle land moet wees. Ons weet wat verkeerd is. Ons hoef nie met mekaar te praat oor wat verkeerd is nie. Ons weet wat die oplossings is, want ons weet watter aspekte daartoe gelei het dat ons nie hoë ekonomiese groei het nie en dat ons onaanvaarbare hoë vlakke van werkloosheid het.

Die groot probleem is by die ANC wat vir niemand luister nie en nie reageer op goeie advies nie. Ons kan baie lank by 'n nasionale dialoog praat, maar as die ANC nie luister nie, gaan ons regtig nêrens kom nie. Ons gaan presies wees waar ons nou is, met geen uitkomste. En dit gaan ons baie geld kos.

***Die groot probleem is by die ANC wat vir niemand luister nie en nie reageer op goeie advies nie.***

***Vraag: Gegewe die lae ekonomiese groei, die handelstariewe en ons gebrekkige internasionale vertroue in Suid-Afrika. Is 'n dialoog nie juis belangrik om vir eens vir altyd 'n ekonomiese platform te skep en vir die ANC te sê waar die foute is en wat reggestel moet word nie – dat die burgerlike samelewing op 'n manier dwang en druk toepas deur gesprek ?***

Daarmee stem ek absoluut saam. So 'n platform kan die probleme uitlig en as die ANC bereid is om te luister, kan ons vorder met belangrike ekonomiese oogmerke. Die vrees is egter dat die ANC in die eerste plek glad nie gaan luister nie, want in die laaste dertig jaar het die ANC na geen goeie advies geluister nie.

My werklike kommer is dat die Nasionale Dialoog 'n platform gaan word wat die ANC gaan gebruik om druk wat op hulle is, te deflekteer iewers anders heen. Daar sal kritiek op die ANC wees tydens die proses van die Nasionale Dialoog wat aan die ANC die geleentheid gee om nie nou verantwoordelikheid te aanvaar nie en nie aandag aan dringende kwessies te gee nie maar dit te laat verdwyn in die uitgerekte dialoog proses. Dit sal die ANC pas om kritiek te deflekteer.

***Vraag. Ons gaan weer nie ekonomiese groei syfers behaal wat nodig is nie. Die verwagting aan die begin van die jaar was hier rondom 2% groei. Sommige ekonome praat nou van 0.8% en met strenger handelstariewe kan dit dalk afwaarts aangepas word na 0.6% - Waar laat dit ons?***

Die vraag verg 'n lang antwoord. Omtrent vyftig jaar terug is ekonomiese aktiwiteit en ekonomiese groei in breuke gemeet. Trouens dit word beraam, eerder as gemeet. Dis is beraam min of meer op 1% of 1 ¼% of 1 1/2% 2%, Die rede daarvoor natuurlik is dat BBP-syfers ook gebruik word om ekonomiese groei te bereken. Ten beste kan beramings van die BBP gemaak word en dit is nie akkurate syfers nie. Dit kan selfs in latere jaar aan hersiening onderworpe wees. Die syfers wat ons in die laaste jare gesien het, is nie regtig iets om oor opgewonde te raak nie. Of die ekonomie nou 0.8% of 1% gaan groei, is marginaal. Die probleem bly dat die ekonomiese groei baie laer is as die bevolkingsgroei en gevolglik word Suid-Afrikaners op 'n per capita basis deurlopend armer. Of dit dus nou 0.8% of 1% is, dit bly heeltemal te laag vir wat ons in Suid-Afrika nodig het. Die ANC kon in die laaste vyftien jaar nie daarin slaag om ons ekonomiese groeitrajek bo 1 ½% en bo die bevolkingsgroei te kry nie.

***Vraag: Prof William Gumede van Wits haal in sy artikel in die Sunday Times 'n senior navorsingsanalis van die invloedryke US Foundation for Defense of Democracies aan. In kommentaar in die Wall Street Journal het die analis verwys dat "A reckoning is coming for South Africa. The Trump administration sees it. So does Congress ... Amid South Africa's alignment with China, Russia and Iran, its anti-Israel lawfare and systemic corruption, the Trump administration has taken steps to isolate Pretoria." Maar dan "he further added that financial markets have not yet factored in South Africa's coming isolation." Wat beteken dit?***

Ek stem 100% met die standpunt saam. Lesetja Kganyago, die president van die Reserwebank, het onlangs gesê dat as hierdie handelstariewe teen 30% ingestel word, loop Suid-Afrika die gevaar om soveel as 100 000 werksgeleenthede te verloor. So 'n groot verlies gaan 'n baie negatiewe effek op ons ekonomiese prestasie hê. Dit is duidelik nog nie in die ekonomie verreken nie. Dit is ongelukkig ook duidelik dat Pres. Ramaphosa en die regering geen plan het om hierdie probleem op te los nie. Mnr. Ebrahim Rasool, ons vorige ambassadeur is etlike maande gelede reeds gevra om die VSA te verlaat en ons het nou nog nie 'n ambassadeur in sy plek nie. As oplossing is mnr. Mcebici Jonas as spesiale gesant aangestel, wat klaarblyklik nie 'n diplomatieke visum kon kry nie.

Die regering is besig met 'n eierdans rondom hierdie probleem en skielik is dit Afrikaner Afvaardigings en Emma Powell van die DA se skuld wat feite aan die lig gebring het wat die ANC nie pas nie. Daar is regtig geen plan nie. Daar is nie 'n ambassadeur wat die leiding kan neem nie. In 'n tyd soos hierdie en met sulke

*(Vervolg op p11)*

## *Daar is nie 'n plan nie ... (verv)*

ernstige krisisse wat Suid-Afrika in die gesig staar is die heel eerste ding wat jy doen om jou eie huis in orde te kry. Identifiseer die regte kandidaat en stel die ambassadeur aan.

***Vraag: Wat is die oorsprong van die probleem. Pres Trump het nie net skielik op Suid-Afrika begin fokus nie. Wat is die faktore wat aanleiding hiertoe gegee het?***

Eerstens is dit my mening dat Suid-Afrika se saak teen Israel in die Internasionale Geregshof die fokus verskuif het.

Tweedens is Suid-Afrika se betrokkenheid by BRICS problematies. Pres. Trump is nie positief oor die hele BRICS groepering nie en Suid-Afrika is 'n baie klein speler in BRICS. As jy iemand wil boelie, soos in die geval BRICS, begin jy altyd by die kleinste outjie en dit is wat pres. Trump nou doen. Die kleinste is ongelukkig Suid-Afrika. Vir die rede is die fokus op Suid-Afrika.

Dan ook die kwessie van "Kill the Boer" – Hieroor voel pres. Trump baie ernstig. Ek dink ook die gebruik hiervan is onvanpas en het al daaroor geskryf. Pres. Trump is van oortuiging dat grootskaalse moord op wit boere plaasvind. Die feit dat die Suid-Afrikaanse regering in ontkenning daaroor is, trek ook die aandag.

Dit gaan nou ook verder as tariewe. Daar is nou ook konsepwetgewing in die Amerikaanse Kongres oor sanksies teen sekere individue in Suid-Afrika. Dit gaan sommige leiers hard slaan.

***Vraag: In die sanksiejare van die 1980's kon Suid-Afrika voorberei en plan maak. Daar was groot industrieë wat ontwikkel het uit sanksies. Hierdie tipe sanksies is anders en die effek daarvan is anders.***

Ja dit is alles waar maar die antwoord is meer eenvoudig. Ons het net nie 'n plan nie. Die regering word gelei deur 'n swak president. Pres Ramaphosa is oneffektief en neem nie besluite nie. Hy gee geen leierskap nie en intussen is die ANC so besig met sy interne gevegte dat daar geen planne is oor hoe om teenoor die VSA op te tree nie. In die Regering van Nasionale Eenheid het die ANC ons buitelandse beleid vir homself toegeëien, maar sonder enige plan. ❖

## WERKGEWERS WORD IN 'n ONHOUDBARE SITUASIE GEPLAAS

***NEASA se ope brief aan President Ramaphosa en die minister van Indiensneming en Arbeid***

Geagte President Ramaphosa en Minister Nomakhosazana Meth

Teen hierdie tyd behoort u deeglik bewus te wees van die dringende regsaksie wat NEASA en Sakeliga van stapel gestuur het teen die ingrypende rassekwotas en gepaardgaande regulasies van die Wet op Gelyke Indiensneming. Alhoewel dié hofsaak fokus op beide prosedurele én substantiewe gebreke, het dit nóg 'n ernstige struikelblok in die kollig geplaas – 'n probleem wat juis deur die nuwe kwotas vererger word: werkgewers kan nie eers oorweeg om aan die regulasies te voldoen nie, omdat dit van hulle verwag om oneties en ongrondwetlik op te tree.

Die regulasies van Gelyke Indiensneming, en die ongrondwetlike verpligting wat dit op werkgewers plaas om werknemers volgens ras en gestremdheid te klassifiseer, is eties onaanvaarbaar, prakties onuitvoerbaar en verdelend.

Die doel van die individueel voltooide EEA1-vorm is oënskynlik om inligting in te samel om uiteindelik 'n werkplekprofiel op te stel wat die huidige rasse-, geslags- en gestremdheidsamestelling van 'n werkgewer se personeel weerspieël. Deur van werknemers te verwag om hulself volgens ras en gestremdheid te klassifiseer, verwag hierdie vorm van hulle om eerstens die komplekse realiteite van ras, geslag en etnisiteit te bestuur – sonder enige duidelike beleids- of klassifikasieraamwerk – en tweedens, om hulself op grond van 'n moontlik oningeligte besluit aan toekomstige diskriminasie bloot te stel.

Daar is egter geen wetlike verpligting op werknemers om die vorm in te vul of dit akkuraat te voltooi nie.

Ons het reeds verneem van werknemers wat weier om die EEA1-vorm in te vul weens persoonlike oortuigings, vrees vir diskriminasie of gemengde etniese herkoms, ensovoorts. Daar is geen riglyne vir werknemers oor hoe om ras te bepaal nie, en die riglyne vir gestremdheid is vol teenstrydighede.

Die regulasies het hierdie moontlikheid voorsien, soos blyk uit die formulering van die EEA12-vorm, wat bepaal:

> *"Waar daar onsekerheid bestaan in die selfidentifikasieproses van 'n werknemer, mag bestaande en/of historiese inligting gebruik word om die werknemer se status te verifieer."*

En ook regulasie 8(2), wat lui:

> *"Waar 'n werknemer weier om die EEA1-vorm in te vul of onakkurate inligting verskaf, mag die werkgewer die werknemer se status bepaal deur betroubare historiese en bestaande data …"*

Minister, hierdie bepalings plaas werkgewers in 'n onmoontlike en onhoudbare posisie – veral in die kon-

*(Vervolg op p12)*

## *Werkgewers word in 'n onhoudbare situasie geplaas (verv)*

teks van Suid-Afrika se geskiedenis van staatsgedrewe rasseklassifikasie.

Die regulasies verwag van werkgewers om eensydig en arbitrêr die ras of gestremdheid van 'n werknemer te bepaal – hetsy omdat die werknemer geweier het om hulself te klassifiseer, of omdat die werkgewer (of 'n aangewese menslike-hulpbronbestuurder of konsultant) meen dat die werknemer hulself verkeerd geklassifiseer het.

Hierdie besluit – om 'n ander persoon se ras of gestremdheid vas te stel – moet dan deur die werkgewer geneem word. Maar dit is eenvoudig nie binne die grondwetlike magte van enige werkgewer, of enige ander persoon, om sodanige bepalings oor 'n ander individu te maak nie.

Sedert die einde van Apartheid se rasseklassifikasiestelsel is dit geyk dat daardie rasklassifikasiewetgewing nie meer bestaan nie – en geen plek in 'n samelewing het nie. In die vorige bedeling, toe die regering hulself die mag van rasklassifikasie toegeëien het, het dit gelei tot plaaslike en internasionale veroordeling, ekonomiese gevolge en sanksies. Dit is met goeie rede dat hierdie rasklassifikasie wetgewing geskrap is sedert die aanvang van die 1990s.

Hoewel die regering nie meer met hierdie mag beklee is nie, plaas die nuwe Gelyke Indiensnemingsregulasies nou daardie verantwoordelikheid, om deel te neem aan die rasklassifikasie van persone, op die werkgewer – sonder enige magtigende wetlike bepaling om dit te doen, en sonder enige riglyne of metode om tot 'n regverdige gevolgtrekking te kom rakende iemand se ras of gestremdheid, binne die raamwerk van 'n regstaat.

Hierdie verpligting op werkgewers is nie net eties onhoudbaar nie – dit is regtens ontoelaatbaar en prakties onuitvoerbaar.

Die vereiste dat werkgewers objektief (tog arbitrêr) 'n persoon so moet klassifiseer, is ongrondwetlik en plaas 'n verpligting op werkgewers om die niediskriminasie beginsels, soos vervat in artikel 9 van die Grondwet, te skend. Dit stel werkgewers bloot aan die gevaar van eise deur werknemers van diskriminasie of onregverdige behandeling – as gevolg van 'n arbitrêre en moontlik vernederende klassifikasieproses. Dit is nie 'n risiko wat werkgewers kan of wil dra nie.

Gevolglik sal werkgewers eenvoudig nie in staat wees om aan hierdie plig te voldoen nie – en dus ook nie aan die ander vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming nie.

Deur hierdie regulasies en die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming is dit duidelik dat die regering die bedoeling het om op grond van ras te diskrimineer. Maar deur die uitvoering van hierdie diskriminasie op werkgewers af te skuif, probeer die staat om verantwoordelikheid te ontduik vir die herinstelling van 'n stelsel van statutêre rassediskriminasie en -klassifikasie. Daarom skep die regering wetgewing wat werkgewers dwing om sy ongrondwetlike en onetiese agenda uit te voer.

Meneer die President en Minister Meth – ons gaan nie u vuil werk doen nie.

NEASA kan en sal nie toelaat dat hierdie ongrondwetlike las op werkgewers afgedwing word nie.

Ons doen daarom 'n beroep op die staat om op te hou om werkgewers te dwing om sy gewenste rasseklassifikasie en diskriminasie namens hom uit te voer – en self verantwoordelikheid te aanvaar vir sy ideologiese dwaling.

Die uwe

**Gerhard Papenfus**
**Uitvoerende Hoof** ❖

---

## SEB VERNIETIG ONS EKONOMIE

***Deur Theuns du Buisson***
***Ekonomiese Navorser: Solidariteit Navorsingsinstituut***

Die Solidariteit Navorsingsinstituut het onlangs in samewerking met die Vryemark Stigting 'n verslag uitgereik oor die koste van voldoening aan swart ekonomiese bemagtiging (SEB). Die bevinding is dat groot ondernemings tot 4% van hul omset daaraan afstaan om aan SEB te voldoen. Die saamgestelde effek hiervan is dat die land jaarliks 3% se ekonomiese groei prysgee sodat ondernemings aan sogenaamde bemagtigingsvereistes kan voldoen.

Die items op die SEB-telkaart dra elkeen 'n koste. Vir sommige is die kostes direk, terwyl ander aspekte se koste dikwels verskuil is. Hoewel politici dikwels argumenteer dat die koste nie bestaan nie, of dat dit minimaal is en die moeite werd is omdat bemagtiging daardeur geskiet.

Ongelukkig is die teendeel waar. Geen beleid wat ekonomiese groei kniehalter kan as bemagtiging beskou word nie. Veral nie as die enigste bevoordeeldes 'n groep ANC elites is, wat oor die algemeen reeds relatief ryk was nie. Die arm meerderheid word geensins deur die beleid bevoordeel nie.

Die verslag het spesifiek gekyk na die invloed van SEB na 2007, toe die beleid verskerp is. Die effek daarvan is dat die Suid-Afrikaanse ekonomie vandag 69% kleiner is as wat dit andersins sou wees. As ons nie jaarliks 3% van ons ekonomiese groei prysgegee het nie sou Suid-Afrika bygehou het met ons ekonomiese eweknieë en sou ons vandag steeds by verre

*(Vervolg op p13)*

## SEB vernietig ons ekonomie (verv)

die rykste land in Afrika wees. Vandag is Suid Afrika dit glad nie meer nie. Ons is eerder "een van die rykste lande in Afrika." Dit beteken nie veel nie, want 'n land soos Italië se ekonomie is groter as die hele Afrika kontinent s'n.

Die ergste gevolg van SEB en die gepaardgaande ekonomiese verliese is die impak wat dit op mense se loopbane het. 3,8 miljoen werksgeleenthede is bloot nie geskep sedert 2007 nie. Omdat die ekonomie nie groei nie is Suid-Afrika een van baie min plekke in die wêreld waar dit heeltemal normaal is vir iemand om dwarsdeur sy loopbaan vir die minimumloon te werk. Sonder groei word nuwe geleenthede nie geskep nie en word niemand bemagtig nie. Nie as individue nie en ook nie as 'n groep nie.

Die uiteinde daarvan is vir die land as geheel net so sleg as vir individue. Die minister van finansies maak op ekonomiese groei staat om sy begroting te befonds. Daarsonder krimp belastinginkomste en moet daar na grashalms gegryp word om die boeke te laat klop. Sonder SEB sou staatsinkomste vanjaar R3,1 biljoen (die Engelse trillion) wees, eerder as die R1,95 biljoen wat geprojekteer word. Om 'n gebalanseerde begroting op te stel kan die effektiewe belastingkoers na 21% van BBP verlaag word van die huidige 25,2% wat die land tans betaal.

SEB sit dus 'n bose kringloop aan die gang. Aan die een kant word ontevredenheid al groter, wat die staat noop om SEB strenger toe te pas, met die gevolg dat mense nog armer en meer ontevrede word. Aan die ander kant sit dit die ekonomiese groei onder druk, wat die staat se finansies onder druk plaas, wat belasting verhoog, wat die ekonomie onder verdere druk plaas.

***Sonder SEB sou staatsinkomste vanjaar R3,1 biljoen (die Engelse trillion) wees, eerder as die R1,95 biljoen wat geprojekteer word.***

Intussen ontken president Ramaphosa dit alles en prys die resultate van SEB. Dit is ook nie verbasend nie, want hy was een van die outeurs van die SEB-wet sowel as een van die grootste begunstigdes. Om vir die regering te wag om hierdie destruktiewe beleid uit hul eie te skrap gaan nie werk nie. Dit is tyd dat die mense van Suid-Afrika hulle geen ander keuse gee nie.

Lees die volledige verslag hier:
https://soli.online/5nn ❖

---

## 'n NUWE ROEPING

***Deur Jacques Swanepoel***
***Lid van die Nasionale Raad***

Aan my mede-Suid-Afrikaners, oud-kamerade, geloofsgenote, mede-Afrikaners – en aan elke burger wat hierdie land liefhet:

Ek skryf nie hierdie brief uit arrogansie nie. Ek skryf dit met 'n swaar hart. Ek skryf dit as iemand wat deel was van 'n geskiedkundige oorgang – as 'n man wat geglo het in die droom van 'n nuwe Suid-Afrika. Ek het aktief daaraan gewerk. Ek was aktief in politiek op Universiteit UP. Ek het saam beraadslaag, saam onderhandel, saam gestem. Ek het, soos duisende ander, geglo dat demokrasie, gelykheid en versoening ons almal sou red.

Maar ek moet bieg. Ons het 'n groot fout gemaak. Nie die fout dat ons apartheid beëindig het nie – dit was onafwendbaar en moreel onhoudbaar. Die fout was dat ons gedink het 'n land kan herbou word sonder waardes, sonder 'n diep anker in geloof, dissipline, verantwoordelikheid en karakter. Ons het gedink die strukture van die grondwet sou genoeg wees – maar ons het vergeet dat strukture leeg is sonder 'n volk met 'n gesamentlike morele visie.

Ons het nie net mag opgegee nie – ons het koers verloor. Tussen 1982 en 1992 het iets begin gly. Ons het stelselmatig ons geloof in onsself, in ons kultuur, en in ons Skepper verloor. Teen 1994 het ons nie oorgegee in geloof nie – ons het oorgegee in moegheid. Ons het nie afgetree met plan nie – ons het eenvoudig stilgestaan en hoop iets of iemand anders neem oor.

Daardie "iets anders" het egter nie die volk gebou nie – dit het dit verbruik. Vandag leef ons nie in die droom van 1994 nie. Ons leef in 'n land van beurtkrag, bendegeweld, korrupsie, dwelmhandel en hooploosheid. En ons troos onsself met sport – ons leef van een Springbok-oorwinning na die volgende, asof dit genoeg is om ons kinders se toekoms te koop. Maar môre is Woensdag. En die land brand.

Is dit ons straf? Is hierdie die prys van onverskilligheid? Is dit die gevolg daarvan dat ons geloof verruil het vir pragmatisme? Ek weet nie. Maar ek weet dít: as ons nie weer ernstig raak nie – oor God, oor karakter, oor die kultuur van dissipline en eerlikheid – dan gaan ons kinders nie net sonder werk sit nie… hulle gaan sonder land wees.

Wat nou? 'n Nuwe roeping – en dalk, 'n tweede kans. Ons moet wakker word. Dis tyd vir iets drasties – nie in geweld nie, maar in vernuwing. Ons moet weer begin by die fondament van 'n gesonde samelewing:

1. Geloof wat dade dryf – nie godsdiens vir vertoon nie, maar 'n lewe van waarheid, diensbaarheid, en gemeenskaplike morele standaarde.
2. Skole en opleiding wat karakter bou – nie net papiere uitdeel nie.
3. Kulturele herstigting – waar elke gemeenskap hul waardes, tale, families en tradisies beskerm én saamwerk met ander om 'n gedeelde toekoms te bou.

*(Vervolg op p14)*

## ’n Nuwe Roeping (verv)

4. Ekonomiese selfstandigheid – nie wag vir die regering nie, maar begin plaaslik, kleinsake, vaardigheidsontwikkeling, kosproduksie, en tegnologie-innovasie.
5. Politieke volwassenheid – nie populisme of haat nie, maar strukture wat werklik werk, en leiers wat eerbaar is.

Ek is dalk te dom – maar ek is nie te laat nie  Ek erken: ek het foute gemaak. Ek het miskien te stil gebly. Te lank gewag. Dalk selfs gelag toe ek moes huil.

***Bid saam. Bou saam. Werk saam. Raak betrokke – by skole, kerke, plaaslike strukture, buurtwagte, jeuggroepe. Begin in jou huis. En as jy nie weet waar nie – begin met geloof.***

Maar ek is vandag nie hier om skaam weg te kruip nie – ek is hier om op te staan. En om jou te vra: staan saam met my.

Bid saam. Bou saam. Werk saam. Raak betrokke – by skole, kerke, plaaslike strukture, buurtwagte, jeuggroepe. Begin in jou huis. En as jy nie weet waar nie – begin met geloof.

Slot

Ons het dalk in 1994 gedink dis die einde van ’n era. Maar miskien was dit net die begin van ’n ander toets: of ons weer sou kan opstaan, sonder mag, sonder titels, sonder politieke beskerming – maar met geloof, karakter en gemeenskapskapasiteit.

Ek kies om weer te glo. En ek hoop jy kies ook.

“Die volk wat in duisternis wandel, het ’n groot lig gesien.” – Jesaja 9:2

Mag hierdie lig weer op Suid-Afrika skyn. Maar dit begin met my. En dalk met jou.

Groete van ’n Diensbare Afrikaner ❖

---

## KORPORATIEWE SA EN DIE VERDEDIGING VAN DIE ONTEIENINGSWET

***Deur Makone Maja***

***(Met die Instemming van Makone Maja van die Instituut vir Rasseverhoudinge het ons die artikel wat by Politicsweb verskyn het, na Afrikaans laat vertaal. Ons plaas dit dan ook met die nodige erkenning aan Politicsweb. )***

Eiendomsreg is die afgelope paar maande gereeld in die nuus, hoofsaaklik as gevolg van die omstredenheid van die Onteieningswet. Ons land se pynlike geskiedenis van onteiening is weer eens in die kollig, met politici wat op bedrewe – en soms bedrieglike – wyse aanvoer hoedat hulle die Wet kan gebruik om grondhervorming te bevorder.

Die wet val ver buite die bevoegdheid van die Ministerie van Openbare Werke en Infrastruktuur, wat die Wet se wetlike voog is. Baie Suid-Afrikaners het dit met huid en haar gesluk dat die Wet vir mislukte grondhervorming kon vergoed − wat verkeerdelik die blaam vir vertragings in die verspreiding van grond en titelaktes op faktore buite die regering se beheer plaas. Soos so baie van die land se uitdagings verg dit bloot politieke wil om dit reg te stel.

Ander het die Wet ondersteun sonder om die teenstrydighede daarvan of die potensiaal dat dit misbruik kon word, te ondersoek.

Een van die mees verrassende ontwikkelinge in hierdie debat was verskeie gerespekteerde firmas en korporatiewe instansies se entoesiastiese steun vir die Wet. Sommige van hulle het selfs so ver gegaan as om die potensiële risiko's goed te praat en die versekering te bied dat die staat goeie bedoelings het daarmee.

Of die vertroue in ’n behoorlike proses van onteiening gewaarborg kan word ten opsigte van al die staat se onteieningsowerhede, wat wissel van 257 tot meer as 1 000 regeringsentiteite, is te betwyfel. Gegewe die publiek se vertroue in hierdie korporatiewe stemme, verdien hul steun vir die Wet nadere ondersoek, aangesien talle Suid-Afrikaners hierdie sienings kan aanvaar sonder om dit behoorlik te oorweeg.

***Grondhervorming***

Fairbridges Wertheim Becker (FWB) Prokureurs voer aan dat die Onteieningswet 'n regsmeganisme bied om "historiese ongeregtighede aan te spreek en grondhervorming te fasiliteer". Hierdie perspektief weerspieël politieke retoriek wat die Wet inspan as ‘n instrument vir grondverkryging ten behoewe van herverdeling.

Data uit ons navorsing – wat op amptelike statistieke gebaseer is – toon egter dat die regering reeds 23% van Suid-Afrika se grond besit, insluitend die 1 085 600 titelaktes wat teen November 2024 nog nie afgehandel was nie. Indien dit verwerk sou word, sou dit miljoene gesinne kan bemagtig deur hulle van wettige eienaarskap en finansiële geleenthede te voorsien.

'n Werklik toegewyde regering sou ‘n prioriteit daarvan gemaak het om hierdie agterstand in te haal, wat sover terug as die apartheidsera meer as 30 jaar gelede dateer. Titelaktehervorming bly 'n belangrike maar onderbenutte stap in die rigting van betekenisvolle grondherverdeling en huiseienaarskap.

***Oppergesag van die Reg***

*(Vervolg op p15)*

## Korporatiewe SA en die verdediging van die Onteieningswet

Standard Bank het verklaar dat die Wet "nie eiendomsregte" of "onskendbaarheid van kontrakte" aantas nie. Chas Everitt International Property Group het hierdie standpunt beaam deur te sê dat die Wet beleggers en eiendomsbesitters gerusstel dat grondwetlike beskermingsmeganismes ongeskonde bly. Volgens Chas Everitt "… sal hierdie Wet help om eiendomsbesitters in Suid-Afrika se belange te beskerm..." Hulle neem nie in aanmerking dat die onsekerhede wat in die Onteieningswet vervat is, wel eiendomsregte ondermyn nie.

Hierdie onsekerhede wissel van die ope lys van eiendomme wat sonder vergoeding onteien kan word en of eiendom benewens grond ook vir vergoeding onder markwaarde onteien kan word, tot die aantal onteieningsowerhede wat met hierdie enorme magte gewapen is. Vir banke in die besonder laat dit vrae daaroor ontstaan of individue wie se eiendom onteien word, steeds aanspreeklik sal wees vir die terugbetaling van die lening waarmee hulle die eiendom verkry het. Sekerlik word onskendbaarheid van kontrakte onder daardie omstandighede ondermyn deur die wanbalans van mag wat teen blaamlose individue opgestapel word.

***Veilige titeleienaarskap sal nie net landsburgers beskerm nie, maar ook beleggings lok, ontwikkeling stimuleer en verwaarloosde gemeenskappe bemagtig.***

Webber Wentzel neem egter 'n meer versigtige standpunt in deur kliënte in die versekeringsektor te adviseer om vir "regsonsekerhede" voortspruitend uit die Wet voor te berei. Die firma waarsku teen potensiële oorspoelgevolge en adviseer versekeraars dat "uitsluitings duidelik, geldend en wetlik afdwingbaar bly", en beklemtoon die belangrikheid van presiese regstaal wanneer omstrede eise hanteer word. Óf Standard Bank se optimisme is geregverdig − óf versekeringsmaatskappye is besig om stilweg hul kontrakte te herstruktureer om hulself teen aanspreeklikheid te beskerm, gebaseer op regsadvies soos dié van Webber Wentzel. Indien hierdie advies oor die bedryf heen toegepas sou word, kan dit daartoe lei dat eiendom wat in die visier is vir onteiening minder dekking deur versekeringsmaatskappye kry.

### *Wigte en Teenwigte*

Die Wet se sogenaamde "wigte en teenwigte" word alom aangehaal ter verdediging daarvan. Firmas soos Bishop Fraser Prokureurs, Alexander Forbes, Fasken Martineau DuMoulin, en Nedbank beklemtoon hierdie "beskermingsmaatreëls" as hoofsaaklik die verpligting wat die Wet op onteieningsowerhede plaas om te onderhandel en onteiening te gebruik "slegs nadat alle ander pogings om die eiendom te koop, misluk het."

Momentum se opmerkings is veral opvallend. Volgens hulle verleen hierdie waarborge "meer regte" aan grondeienaars om onteiening in die hof te betwis, wat die standpunt bevestig dat howe sterker beheer oor regeringsvergrype en geregtelike toesig oor die element van vergoeding het.

Hierdie bewerings verbloem egter die feit dat 'n vasbeslote onteieningsowerheid kan voortgaan om eiendom te vat selfs indien die eienaar beswaar aanteken. In die praktyk steun hierdie kontroles sterk op toegang tot bekwame regsverteenwoordiging − 'n opsie wat buite die bereik van talle Suid-Afrikaners is. Selfs wanneer regstappe gevolg word, word hofdatums dikwels jare vooruit vasgestel, wat geregtigheid vertraag.

Boonop bevat die Wet interne teenstrydighede. Artikel 8(3)(g) bepaal dat 'n kennisgewing van onteiening 'n datum en 'n bedrag van vergoeding moet insluit waarop ooreengekom is of wat deur 'n hof bepaal is kragtens Artikel 19. Artikel 19 laat egter slegs hofingryping toe na mislukte bemiddeling binne 180 dae na die kennisgewing.

Hierdie dubbelsinnigheid ondermyn die grondwetlike reg op toegang tot die howe en lê die wet se strukturele swakhede bloot. Die idee dat geregtelike hersiening hierdie uitdagings kan oplos, neem nie die Wet se gebreke in ag nie. Die beperkings wat dit op toegang tot die howe plaas, kan selfs ongrondwetlik wees. 'n Mens wonder of hierdie korporatiewe instansies hul regsassesserings met die nodige noulettendheid gedoen het − en of hul steun 'n haastige poging was om hul seile na die heersende politieke wind te span.

### *'n Beter Weg Vorentoe*

Die IRV het 'n alternatief voorgestel in die vorm van die Wetsontwerp op die Reg op Eienaarskap. Indien hierdie wetgewing aanvaar word, sal dit markverwante vergoeding vir alle onteienings verpligtend maak en enige teenstrydige wette herroep. Die Wetsontwerp brei eiendomsregte uit deur die agterstand in titelaktes deur middel van dorpsformalisering en infrastruktuurontwikkeling aan te spreek. Veilige titeleienaarskap sal nie net landsburgers beskerm nie, maar ook beleggings lok, ontwikkeling stimuleer en verwaarloosde gemeenskappe bemagtig. Die herstel van menswaardigheid en die verlening van afdwingbare regte aan huiseienaars is kern onderliggend aan die Wetsontwerp. Waarom sou enige beginselvaste parlementslid dit teenstaan?

*Makone Maja is die Instituut vir Rasseverhoudinge se Strategiese Skakelbestuurder.* Lees die oorspronklike artikel aanlyn:
https://irr.org.za/media/corporate-sa2019s-creepy-defence-of-the-expropriation-act-politicsweb
Lede word gewys op die Eiendomsregte konferensie wat op 9 September plaasvind. Meer inligting in die nuusbrief. ❖

# DIE NASIONALE DIALOOG - AB PERSPEKTIEWE

**Deelname / Staan ons op die kantlyn / Wat is die alternatiewe?**

Met die aanvang van die Nasionale Dialoogproses het die Afrikanerbond, gelei deur ons eie Credo en die prioriteite soos uiteengesit in die Regering van Nasionale Eenheid en ons eie historiese rol in die vind en bevordering van 'n nuwe grondwetlike bedeling sedert 1985, hierdie baie belangrike inisiatief aanvaar en ondersteun.

Oor dekades is die Afrikanerbond se werkswyse gerig binne die visie - As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika. Dit vind ook aansluiting by die goue formule van die eie belang in balans met die nasionale belang. Dit alles kan ook teruggevoer word na die Credo van die Afrikanerbond dat *"ons eie belange en dié van ons mede-Afrikaners onlosmaaklik verbind is aan dié van elke ander Suid-Afrikaner en elke ander volksgroep in Suid-Afrika, en dat die belang van elke ander Suid-Afrikaner daarom ook óns belang is met die verbintenis dat ons ons energie en vermoëns onvoorwaardelik aan ons vaderland diensbaar stel ten einde die kwaliteit van lewe van alle mense in Suid-Afrika te verbeter en hul menswaardigheid te bevorder."*




Vir die rede het die Afrikanerbond nog altyd aktief en konstruktief deelgeneem aan enige vorm van dialoog. Veral waar dit gaan rondom die bevordering van die grondwet en die grondwetlike waardes, waarbinne Afrikanerbelange in ons balans met die nasionale belang bevorder kan word, het ons nog altyd 'n konstruktiewe bydraes gelewer.

In Junie 2024 het die partye van die Regering van Nasionale Eenheid 'n Basiese Minimum Program van Prioriteite aanvaar en hulself tot die volgende verbind.

1) Vinnige, inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei, die aanmoediging van vastekapitaalinvestering en industrialisasie, werkskepping, transformasie, bestaanshulp, grondhervorming, infrastruktuurontwikkeling, strukturele hervormings en transformasionele verandering, fiskale volhoubaarheid, en die volhoubare gebruik van ons nasionale hulpbronne en gawes. Makro-ekonomiese bestuur moet nasionale ontwikkelingsdoelwitte op 'n volhoubare wyse ondersteun.
2) Skep 'n meer regverdige samelewing deur armoede, ruimtelike ongelykhede, voedselsekerheid en die hoë lewenskoste te beveg ten einde 'n maatskaplike veiligheidsnet te bied, toegang tot en die gehalte van basiese dienste te verbeter, en werkers se regte te beskerm.
3) Stabiliseer plaaslike owerhede, vestig effektiewe samewerkende landsbestuur, wys gepaste verantwoordelikhede aan verskillende regeringsfere toe en hersien die rol van tradisionele leierskap in die regeringsbestuur raamwerk.
4) Investeer in mense deur middel van onderwys, vaardigheidsontwikkeling en bekostigbare en kwaliteit gesondheidsorg.
5) Bou staatskapasiteit en skep 'n professionele, merietegebaseerde, korrupsievrye en ontwikkelingsgerigte staatsdiens. Herstruktureer en verbeter staatsbeheerde entiteite om nasionale ontwikkelingsdoelwitte te bereik.
6) Versterk wetstoepassingagentskappe om misdaad, korrupsie en geslagsgebaseerde geweld aan te spreek, en versterk nasionale veiligheidvermoëns.
7) Versterk die Parlement se doeltreffendheid ten opsigte van sy wetgewende en oorsig funksies.
8) Versterk maatskaplike samehorigheid, nasiebou en demokratiese deelname, en onderneem gemeenskaplike programme teen rassisme, seksisme, stamgebondenheid en ander vorme van onverdraagsaamheid.
9) Baseer buitelandse beleid op menseregte; konstitusionalisme; die nasionale belang; solidariteit; en die vreedsame oplossing van konflikte, ter verwesenliking van die Afrika Agenda 2063; Suid-Suid-, Noord-Suid- en Afrika-samewerking; multilateralisme; en 'n regverdige, vreedsame en billike wêreld.

Direk hieropvolgend het die partye tot die Regering van Nasionale Eenheid in die Verklaring van Voorneme hulself ook verbind tot 'n Nasionale Dialoog. *"Die partye verbind hulle tot 'n allesomvattende Nasionale Dialoogproses – met partye, die burgerlike samelewing, die arbeidsektor, die besigheidsektor en ander sektore – om hierdie en ander kritieke uitdagings te bespreek wat die land in die gesig staar. Die Nasionale Dialoog-proses sal poog om 'n nasionale maatskaplike verdrag te formuleer wat die land in staat sal stel om aan die aspirasies van die Nasionale Ontwikkelingsplan te voldoen."* (Lees die Verklaring van voorneme soos na Afrikaans vertaal **https://online.fliphtml5.com/hwiua/ktlo/**

Na ons mening het die prioriteite van die Regering van Nasionale Eenheid nog nie die nodige aandag gekry nie. Dit verg 'n nuwe verbintenis.
Tydens ons vergadering van die dagbestuur van die Afrikanerbond op 8 Julie 2025 en ook die Nasionale Raad van 23 Julie het ons alle aspekte oorweeg, en ook kennis geneem van die onttrekking van die Demokratiese Alliansie aan die Nasionale Dialoog.

Die Afrikanerbond is geregistreer as 'n belangstellende deelnemer aan die Nasionale Dialoog in 'n aanlyn

*(Vervolg op p17)*

## *Die Nasionale Dialoog - AB Perspektiewe (verv)*

vorm wat deur die Nasionale Stigtings versprei is sowel as die amptelike registrasievorm wat daarna versprei is. Die Afrikanerbond het nog geen uitnodiging ontvang nie. Sover ons weet, is niemand nog genooi nie.

Volgens die aanvanklike aankondiging deur die president sal die Nasionale Dialoog op 15 Augustus 2025 plaasvind.

In ons besprekings het die Afrikanerbond ook verskeie opsies met voor en nadele bespreek en die volgende oorweeg:

Indien die Afrikanerbond genooi word om deel te neem, moet daar duidelikheid wees oor die spesifieke voorwaardes vir die agenda van die Nasionale Dialoog wat die Afrikanerbond se bekommernisse verteenwoordig.

Die Afrikanerbond skram nie weg van dialoog nie, maar sal ook nie deelneem aan 'n proses wat vir partypolitieke doeleindes gebruik word nie. In beginsel sal ons voorwaardelik deelneem aan die Nasionale Dialoog.

***Die Afrikanerbond skram nie weg van dialoog nie, maar sal ook nie deelneem aan 'n proses wat vir partypolitieke doeleindes gebruik word nie.***

Ten minste die volgende sake moet in die sakelys vervat wees:

- o Ekonomiese groei om werkloosheid aan te spreek;
- o Misdaad in die algemeen en plaas en landelike veiligheid as prioriteit;
- o Onderwys inisiatiewe en vaardigheidsontwikkeling
- o Kulturele en taalbeskerming en bevordering

As verdere voorwaarde vir die Nasionale Dialoog moet daar duidelikheid wees oor kostes en befondsing en bestuur van die proses.

In ons skrywe van 15 Julie aan die Nasionale Dialoog se Voorbereidende Taakspan het ons die bostaande kommer gedeel en versoek om duidelikheid oor bogenoemde te kry wat ons ook in staat sal stel om 'n finale en ingeligte besluit te neem. Hierdie kommer is ook gedeel in ʼn gesprek met mnr Roelf Meyer wat as medevoorsitter optree van die Raad van Vooraanstaande Suid-Afrikaners.

Ons is weldeeglik bewus van openbare persepsies dat die ANC die dialoog gebruik as 'n politieke maneuver om kritiek te ontduik en die aandag af te lei van hul mislukkings. Hierdie wrewel het die dialoog onder verdenking geplaas. Ons is ook bewus daarvan dat die dialoog ‘n platform kan word waar opgehoopte frustrasie na vore sal kom in die plek van konstruktiewe gesprek. Die vraag is of die argument vir versoening en nasiebou aan die een kant sterk genoeg is om hierdie golf van kritiek te oorkom. Hoewel die beginsels van versoening en samewerking edel is, is die gebrek aan vertroue in die ANC se vermoë om opregte verandering te bewerkstellig dalk groter. Die wrewel teen die party is so diep dat dit die dialoog se potensiaal vir betekenisvolle uitkomste oorskadu. Sonder konkrete aksies om verantwoording en vordering te toon, loop die Nasionale Dialoog die risiko om as nog 'n mislukte inisiatief afgemaak te word, wat die kloof tussen die regering en die publiek verder verbreed.

Met net meer as ʼn week voor die beplande Nasionale Konvensie van 15 Augustus 2025 wat die Nasionale Dialoog se proses moet begin, lyk die kanse al skraler dat die datum haalbaar is. ❖

---

## GRA 150 - TAALSIMPOSIUM (14 AUGUSTUS 2025)

Benewens amptelike Afrikaans se 100 jaar viering die jaar, is dit ook die 150-jaar viering van die stigting van die GRA in Paarl op 14 Augustus 1875.

Die FAK beplan ‘n feesweek tydens Augustus 2025 om die 150-jarige verjaarsdag van die GRA te vier by die Voortrekkermonument in Pretoria.

Die Afrikanerbond is trots daarop om deel te wees van die fees en het die verantwoordelikheid aanvaar om saam met die FAK die ***GRA150 – Taalsimposium*** te reël, wat sal plaasvind op Donderdag 14 Augustus 2025 in die Krugergalery by die Voortrekkermonument.

Kundige sprekers praat deur die loop van die oggend binne die tema ***“’n Voëlvlug oor die geskiedenis van die Afrikaanse taal.”*** Onder andere word daar gekyk na die ontstaan van Afrikaans met ʼn fokus op Afrikaans se Suidelike sowel as Noordelike bakens, Afrikaans as geloofstaal, Afrikaans as onderwyser en opvoeder en akademiese taal, mediataal, en besin ons ook oor die toekoms van Afrikaans. (Sien die skakel na die program onder.)

Daar sal ook gepaste musiek, drama en voordragitems deur die loop van die oggend as verdere viering van ***GRA150*** voorgehou word.
Kom luister saam en sluit dan aan vir middagete vir ʼn informele kuier in Afrikaans:

Datum: 14 Augustus 2025
Tyd: Registrasie vanaf 08:0
Program: Vanaf 08:45 – 13:45 gevolg deur middagete
Koste: Geen
RSVP: Voor of op 8 Augustus 2025 by Debbie Bodenstein by debbie@kultuurtuiste.org.za

Lees die uitnodiging en die program by die volgende skakel: https://online.fliphtml5.com/hwiua/qesw/#p=1
ʼn Historiese oorsig oor die Genootskap van Regte Afrikaners – ʼn Afrikanerbond huldeblyk. https://online.fliphtml5.com/hwiua/sxau/ ❖

## EIENDOMSREG KONFERENSIE - 9 SEPTEMBER 2025

***Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte nooi u graag na 'n Eiendomsreg konferensie "Eiendomsreg – Die sleutel tot vrede"***
***9 September 2025 (Pretoria)***

Eiendomsreg is die hoeksteen van ekonomiese stabiliteit en individuele vryheid in Suid-Afrika, maar dit word toenemend bedreig deur wetlike, politieke en sosio-ekonomiese uitdagings.

Reeds vanaf 2008 het die ***Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsreg***, waarvan die Afrikanerbond die groep se sekretariaat hanteer, die burgerlike samelewing suksesvol gemobiliseer teen verskillende vorme van die Onteieningswetgewing en is dit suksesvol teengestaan. Die Ad Hoc Groep, is 'n los groepering bestaande uit 'n aantal politieke partye en organisasies uit die burgerlike samelewing wat van tyd tot tyd wetgewing evalueer en aksies ondersteun van die organisasies en partye om wetgewing deur litigasie en nasionale en internasionale mobilisering teen te staan.

In Januarie vanjaar is die omstrede Onteieningswet bekragtig en het 'n aantal organisasies reeds begin of aangedui dat die wetgewing deur litigasie teengestaan sal word. Onder andere sal die grondwetlikheid van die wetgewing getoets word.




Die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte het in aansluiting tot die beoogde regsaksie, ook die behoefte geïdentifiseer aan 'n konferensie, ten einde bewustheid te skep oor die wesenlike gevaar van onteiening wat deur ideologie en partybelange begrond word. Hierteenoor staan die beginsel van eiendomsbesit vir alle Suid-Afrikaners ongeag agtergrond.

Gevolglik word 'n konferensie beplan vir die oggend van 9 September 2025 by TLU-SA se kantore in Pretoria. Tydens hierdie konferensie sal belanghebbendes soos politici, regslui, beleidmakers, gemeenskapsleiers en sakelui byeengebring word om perspektiewe te deel. Sprekers wat reeds bevestig is sluit in Proff. Andre Duvenhage van NWU en William Gumede van Wits se School of Governance, Hans-Jurie Moolman, regskundige oor eiendomsreg, Piet Le Roux van Sakeliga, Dr Corné Mulder van die VryheidsFront Plus, Phumlani Majozi skrywer en kommentator, en Dave Steward. Ons wag nog op die bevestiging van enkele ander sprekers wat politieke leiers en kommentators insluit.

Hierdie konferensie bied 'n platform wat ruimte bied vir oop dialoog oor kwessies soos grondonteiening, onwettige grondbesetting en die erosie van eiendomsregte, alles faktore wat die land se ekonomiese groei en sosiale harmonie bedreig. Die konferensie sal nie net die dringendheid van die beskerming van eiendomsregte beklemtoon nie, maar ook praktiese oplossings voorstel om hierdie regte te versterk binne die raamwerk van die Grondwet.

Met die **Tema van die konferensie "Eiendomsreg – Die sleutel tot vrede"** wil ons met die konferensie ook die kragtige boodskap stuur dat eiendomsregte nie net 'n kwessie van individuele belange is nie, maar 'n nasionale prioriteit wat ekonomiese voorspoed deur plaaslike en internasionale investering tot gevolg kan hê. Dit word egter deur ideologiese toepassing van wetgewing bedreig en het telkens al gedemonstreer dat die ANC nie met eiendomsregte te vertrou is nie. Daarom wil ons met die subtemas van die konferensie ***Eiendomsreg vir alle Suid-Afrikaners*** die persepsies van gronddiefstel aanspreek teenoor die realiteit van grondbesit en die effek van eiendomsreg ontneming wat lei tot armoede en verlangsaming van ekonomie en disinvestering en die ongrondwetlikheid van die huidige wetgewing.

Binne die subtema ***Eiendomsreg vir alle suksesvolle gemeenskappe*** wil ons graag bestaande politieke voorstelle aanhoor sowel as kundiges se insette oor welvaartskepping as uitkoms van gevestigde vryemark beginsels

Ons glo dat daar aan die einde van die konferensie duidelike standpunte gestel kan word ten opsigte van 'n duidelike padkaart vir die beskerming van eiendomsregte en wat nodig is om Suid-Afrika se reputasie as 'n aantreklike bestemming vir investering te versterk en wat die grondslag kan lê vir 'n regverdige en stabiele samelewing.

Die konferensie vind plaas:
Datum: 9 September 2025 (Oggend)
Plek: TLU-SA Raadsaal,
James Rylaan 194, Silverton
Tyd: Registrasie vanaf 08:00 en program begin om 08:45 tot 13:30 (Beperkte plekke beskikbaar)
Formaat: Hibriede aanbieding (Slegs 80 mense teenwoordig en word aanlyn gestroom)


Registrasie: Skandeer QR Kode of volg die skakel https://bit.ly/45d1nlJ

Navrae kan gerig word na **adhocgroep@gmail.com**
Die volledige program sal mettertyd gesirkuleer word. Ons sien uit daarna om u by die konferensie te ontvang.

Soos in die verlede behartig die Afrikanerbond die sekretariaat van die Ad Hoc Groep en is ook nou gemoeid met die reëlings vir die konferensie.
Ons nooi ons lede hartlik uit om die konferensie te ondersteun. ❖

## NUWE BOEKE

***Wag-'n-Bietjie* deur Hennie van Deventer**




As jy *Wag-'n-bietjie* gelees het, gaan jy meer weet van talryke onderwerpe:
Tergende moordraaisels, koerante, die parlement en karakters van die 80's, asook die bos waarvoor die skrywer hartstogtelik lief is. Dit is 'n belofte aan lesers.
Koerante kwyn en verdwyn, maar gelukkig bestaan energieke oudredakteurs soos Hennie van Deventer met 'n skatkis van stories uit 'n era waarvan hulle intieme kennis het. Hy deel hierdie bekoorlike memoires met insig, binne-kennis en bowenal heerlike humor.
Sy boeiende onderwerpe sluit in die Niggiemoord (ook reeks op TV); die Clack-gesinsmoord; politici PW Botha, Piet Koornhof en Hendrik Schoeman; skrywers Hans du Plessis en Tony Park. Sy benadering is vars en oorspronklik. Dit is Van Deventer op sy stukke. Hierdie is reeds die 24ste boek van hierdie vrugbare skrywer. Nege is koerant-verwant – 'n unieke bydrae.

**R275.00**
https://naledi.co.za/product/wag-n-bietjie/

---

***Die (vreemde) einde van 'n koerant* deur Barnard Beukman**




Op Donderdag 13 Junie 2024 het die nuus op die sakenuuswebwerf Moneyweb gebreek: Media24 gaan die dagblad Beeld, asook drie ander titels, Rapport, Daily Sun en City Press sluit. Volgens die Moneywebjoernalis Jeremy Maggs, sou "die besluit lesers en die Suid Afrikaanse mediabedryf skok."

Lesers, redaksielede en adverteerders moes toekyk hoe 'n vreemde en teenstrydige reeks gebeure rondom die sluiting afspeel. Barnard Beukman probeer van die onbeantwoorde vrae beantwoord. Ook deur heelwat te onthul van wat in die gange en raadsale van Media24 en Beeld afgespeel het en beskryf die openbare wipplankrit van ses maande, om die koerant te sluit, wat gevolg het.

Agter die skerms het dit tot die afgryse van die maatskappy geblyk dat adverteerders hul goed begin vat loop en miljoene rande se inkomste aan Media24-publikasies onttrek het. Gevolglik het die koppe onder Media24-bestuurslui, wat die koerantsluiting moes bestuur, begin rol. So fel het die openbare diskoers oor die sluiting van Beeld en ander koerante gewoed, dat Media24 se interim uitvoerende hoof, Raj Lalbadhur, dit in 'n brief aan personeel as die hoofrede aangevoer het waarom die maatskappy nie in 2024 sy halfjaarlikse winsbegroting behaal het nie.
**R275.00**
https://naledi.co.za/product/die-vreemde-einde-van-n-koerant/ ❖

---

## ATR KOKER TOEKENNINGS

Die Afrikaanse Taalraad nooi alle lede van die publiek uit om kandidate vir die 2025-Kokertoekennings te benoem.

Die Kokertoekennings gee erkenning aan individue of organisasies wat 'n uitstaande bydrae tot die bevordering, ontwikkeling of sigbaarheid van Afrikaans gelewer het.

Dien jou benoeming in en help ons om dié wat werklik 'n verskil maak, te vereer!
Sluitingsdatum vir benoemings: [15 September]
Wenners sal einde November op die Taalraad se sosialemediaplatforms aangekondig word.

Klik hier vir die benoemingsvorm:
Volg die skakel

Vriende word ook genooi om nominasies deur te stuur aan Die Eike. Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond oorweeg ook geskikte kandidate om formeel genomineer te word deur die Afrikanerbond. Stuur na kommentaar@abond.co.za

**Feite oor Afrikaans**

- *Afrikaans is een van slegs 250 tale uit die sowat 7 000 tale wêreldwyd wat meer as 'n miljoen sprekers het.*
- *Daar is meer as 7 miljoen Afrikaanse moedertaalsprekers in Suid-Afrika, Namibië en die diaspora.*
- *Meer as 12 miljoen mense gebruik Afrikaans as tweede of derde taal.* ❖

---

***Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.***

**KONTAK DIE EIKE**
kommentaar@die-eike.co.za
Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343